

wat *elke*
skrywer
moet weet



saamgestel deur
PEN AFRIKAANS

ONDER REDAKSIE VAN CATRINA WESSELS

- © Outeursreg in die samestelling berus by PEN Afrikaans
- © Outeursreg in die onderskeie bydraes berus by die outeurs

Die doel van hierdie bydraes is nie om regsadvies te voorsien nie, maar om inligting te verskaf en 'n basiese uiteensetting te gee van sekere relevante regsbeginsels.

Die volgende persone was tydens die samestelling en publikasie van hierdie artikelreeks lede van PEN Afrikaans se bestuur: Marga Stoffer (voorsitter), Danie Marais (ondervoorsitter), Andries Visagie, Bernard Odendaal, Charles-Pierre Naudé, Fiona van Kerwel, Francis Galloway, Izak de Vries en Naomi Bruwer.

pen
AFRIKAANS

Uitgee in 2019 vir PEN Afrikaans

Omslagontwerp: Susan Blake

Boekproduksie: Christel Foord – cfoord@yebo.co.za (Christel Foord Selfpublikasies)

Bladuitleg en ontwerp: Jakobie de Wet – jakdesignco@gmail.com

Gedruk en gebind deur Digital Action, Paarden Eiland, 7405

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag sonder die skriftelike toestemming van die outeursreghouer gereproduceer of in enige vorm of deur elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering of opname, of deur enige ander inligtingsbewaring of herwinningstelsel.

Inhoudsopgawe

	Voorwoord <i>Marga Stoffer</i>	5
1	Outeursreg: beloning, balans en 'n bondel regte <i>Catrina Wessels</i>	7
2	Testamentêre beskikking van outeursreg in Suid-Afrika <i>Kim Pietersen en Eben van Wyk</i>	10
3	Die publikasie-ooreenkoms: wat jy moet weet voordat jy teken <i>Lee-Ann Tong</i>	14
4	Laster en die skending van persoonlikheidsregte <i>Bernard Wessels</i>	18
5	Die reg op privaatheid en die skending daarvan <i>Bernard Wessels</i>	22
6	Plagiaat: 'n regspektief <i>Cobus Jooste</i>	25
7	Verhoogverwerkings <i>Elroy Bell</i>	32
8	Eienaarskap van outeursreg in opdragwerke, met spesifieke verwysing na letterkundige werke <i>Sadulla Karjiker</i>	35
9	Aanlyn outeursregskending, kuberdiefstal en hoe skrywers hul werk kan beveilig <i>Corné Guldenpfennig</i>	38
10	Selfpublikasie <i>Dave Henderson</i>	41
11	Staatspublikasie van skoolboeke <i>Mpuka Radinku</i>	46
	Die bydraers	50
	Oor PEN Afrikaans	51

Voorwoord

Wat is outeursreg? Wat gebeur met 'n skrywer se werk ná sy of haar dood? Wat is die slaggate waarin skrywers kan beland as hulle oor lewende persone skryf? Wanneer is 'n teks lasterlik of skend dit iemand se reg op privaatheid? En wanneer pleeg 'n skrywer plagiaat?

Wat moet skrywers weet voordat hulle 'n publikasie-ooreenkoms teken? Hoe gemaak as jy 'n roman tot dramateks wil verwerk: watter vereistes is daar vir die dramaturg en watter regte het hy of sy in die nuwe dramateks? Hoe kan skrywers hulle werk in die digitale era beveilig?

Is selfpublikasie iets wat 'n outeur behoort te oorweeg en indien daardie roete gevolg word, hoe gaan 'n mens te werk? Wat is staatspublikasie en watter implikasies het dit vir skrywers en die uitgewersbedryf?

Vrae soos dié hierbo raak alle skrywers. Tydens die debatte oor die Wysigingswetsontwerp op Outeursreg het baie skrywers die bestuur van PEN Afrikaans gevra om te verduidelik wat die Wetsontwerp behels en wat die implikasies daarvan vir skrywers is. Lede van PEN Afrikaans vra soms ons hulp in gevalle van outeursregskending, of raad oor hoe hulle hul intellektuele goedere in hul testamente behoort te hanteer.

Ons het besef dat daar 'n behoefte by skrywers bestaan om beter ingelig te wees oor sake wat hulle raak en het 'n aantal kundiges gevra om so bondig en toeganklik moontlik oor hierdie onderwerpe te skryf. In 2018 is hierdie artikels in PEN Afrikaans se maandelikse nuusbriëf ingesluit, onder die opskrif “Wat elke skrywer moet weet”, en hulle word nou in hierdie publikasie byeengebring as nuttige verwysingsbron vir ons lede.

Marga Stoffer
Voorsitter: PEN Afrikaans
Augustus 2019

Outeursreg:

beloning, balans en 'n bondel regte

Beloning en aansporing

Outeursreg ken aan die eienaars daarvan 'n bondel eksklusiewe regte toe en stel hul sodoende in staat om met hul werk te woeker. Daardie eksklusiwiteit is dikwels 'n belangrike faktor in derde partye se besluitneming oor of 'n finansiële belegging in 'n werk gemaak kan word. Dit stel kunstefeeeste in staat om 'n eksklusiewe lisensie te verkry om 'n toneelstuk te laat opvoer; filmmaatskappye om produksies te maak of uitgewers om 'n boek uit te gee.

Outeursreg is 'n manier om die outeur van 'n werk te beloon vir die aanwending van sy of haar talente, tyd en inspanning om werke te skep. Dit dien gevolglik as aansporing vir die outeur self om aan te hou skep, en vir ander om ook so te maak.

In lyn met artikel 5(2) van die Bern-verdrag, 'n internasionale verdrag oor kopiereg waarvan Suid-Afrika 'n ondertekenaar is, is geen registrasie of ander formaliteite nodig vir die ontstaan van outeursreg nie. Dit ontstaan outomaties indien 'n werk aan basiese vereistes in die Wet op Outeursreg ("die Wet") voldoen. Daardie bekende ©-teken dien eintlik net as boekstawing van die stand van sake en is nie 'n formele vereiste nie.

Bondel regte

Daar is verskillende soorte outeursregwerke in die Wet omskryf, elk met 'n eie duur en aard.

Vir skrywers is artikel 6 van die Wet veral van belang. Dit sit die aard van outeursreg in letterkundige werke uiteen. Outeursreg in letterkundige werke verleen die uitsluitlike reg om enige van die volgende met die werk te doen, of ander te magtig om dit te doen: die werk te reproduseer op enige wyse of in enige vorm (let op die omvattende bewoording!), die werk te publiseer,

die werk in die openbaar op of uit te voer, en die werk uit te send. Dit sluit ook die maak van 'n sogenaamde “aanwending”¹ van 'n werk in, sowel as die reproduksie, publikasie, op- of uitvoering en uitsending van daardie aanwending.

Hierdie bondel eksklusiewe regte is omvattend. Slegs die eienaar mag hierdie handeling verrig of ander magtig om dit te doen, behalwe waar die Wet daarvoor voorsiening maak dat magtiging/toestemming nie nodig is nie.

Die algemene vertrekpunt by letterkundige werke is dat die persoon wat die werk geskep het, nie net die outeur is nie, maar ook die eienaar van die outeursreg.²

Letterkundige werk teenoor gepubliseerde uitgawe

Indien 'n uitgewer 'n skrywer se manuskrip vir publikasie aanvaar, moet 'n ooreenkoms bereik word waarin die skrywer die uitgewer magtig om die werk uit te gee. Watter regte die uitgewer sal hê, hang af van wat ooreengekom word.

Uit 'n outeursregoopunt ontstaan daar wel outomaties 'n aparte outeursreg wanneer die uitgewer die skrywer se manuskrip uitlê en publiseer. Dit is die outeursreg in die gepubliseerde uitgawe. Daardie outeursreg berus volgens die Wet by die uitgewer en geld vir vyftig jaar vanaf die einde van die jaar waarin dit vir die eerste keer gepubliseer is.

“Gepubliseerde uitgawe” word in artikel 1 van die Wet gedefinieer as: “die eerste druk deur watter proses ook al van 'n besondere tipografiese ordening van 'n letterkundige werk of musiekwerk”.

Die statutêre definisie van die begrip fokus uitsluitlik op die tipografiese ordening van die letterkundige werk en gee geen aanduiding dat die inhoud van daardie letterkundige werk by die gepubliseerde uitgawe inbegrepe is nie.

Outeursreg in 'n gepubliseerde uitgawe bestaan slegs uit die eksklusiewe reg om dit te reproduseer. In teenstelling hiermee bestaan die outeursreg in 'n letterkundige werk uit 'n veel wyer bondel regte wat reproduksie, publikasie, verwerking, opvoering en uitsending insluit.

Morele regte

Naas die bondel regte waardeur die outeursreghouer die letterkundige werk kan ontgin, bestaan die “morele regte” van die outeur. Dit is die nie-

¹ Die Engelse teks verwys na 'n “adaptation”.

² Hoofuitsonderings op die reël is waar die werk in die loop van indiensneming geskep word – die werkgewer is dan die eienaar – of waar 'n portret of 'n foto in opdrag van 'n ander party gedoen word. In daardie geval is die opdraggewer die outeursregeienaar.

kommersiële deel van outeursreg wat die persoonlike band tussen die outeur en sy of haar werk erken. Outeurs van letterkundige, musiek- of artistieke werk, 'n rolprent of 'n rekenaarprogram kan hierop staatmaak, selfs wanneer hulle hul outeursreg aan 'n ander party oorgedra het.

Morele regte kom in artikel 20 van die Wet op Outeursreg aan bod. Dit sluit in die sogenaamde “right of paternity”, of die reg om as outeur van die werk erken te word, en die “right of integrity”, naamlik die reg om beswaar te maak teen enige verandering aan die werk wat die outeur se eer en goeie naam nadelig beïnvloed.

Die Wet maak voorsiening daarvoor dat 'n skending van morele regte dieselfde gestraf kan word as 'n skending van die bondel eksklusiewe regte.

Balans

Alhoewel die outeur as outeursreghouer 'n sterk posisie met dié bondel regte bekleed, is daar 'n balans ingebou in die outeursregstelsel. Die balans wat gehandhaaf word, is tussen die belange van die outeur en die belange van die gemeenskap. Nie enige skepping sal byvoorbeeld kwalifiseer vir outeursregbeskerming nie; dit moet aan sekere vereistes voldoen. Outeursreg beskerm byvoorbeeld nie idees nie, maar slegs die spesifieke materiële uitdrukking van die idee. Sodoende word voorkom dat iemand 'n monopolie ten opsigte van 'n algemene idee of konsep verkry. Dit sal ander se kreatiwiteit onredelik aan bande lê, terwyl outeursreg juis poog om kreatiwiteit te bevorder.

Outeursreg geld slegs vir 'n vasgestelde termyn, waarna dit verval en die werk die openbare domein betree en vrylik gebruik mag word. Die Wet maak ook voorsiening vir spesifieke toegelate gebruike, soos billike gebruik vir navorsing en verslaggewing, waar die outeursreghouer se toestemming nie vereis word nie.

Testamentêre beskikking

van outeursreg in Suid-Afrika

Eenvoudig gestel, is outeursreg 'n bondel regte wat 'n eienaar geniet ten opsigte van werke waarvan hy die outeursreg besit. Hierdie regte, sowel as die eienaarskap en afdwinging daarvan, wissel van werk tot werk.

'n Kunstenaar, veral 'n sogenaamde “sukkelende kunstenaar”, behoort die beskerming van outeursreg hoog op die prioriteitslys te plaas – outeursreg is 'n noodsaaklike deel van enige kreatiewe beroep.

Verskeie aspekte soos die bestaan, eienaarskap en oordrag van outeursreg in Suid-Afrika word deur die Wet op Outeursreg 98 van 1978 (“die Wet”) gereguleer. Hierdie hoofstuk fokus op die vervreemding van outeursreg, en spesifiek die vererwing daarvan.

Verskillende maniere om outeursreg oor te dra

Op dieselfde manier as wat eienaarskap van 'n skrywer se kosbare Moleskine-joernaal oorgedra kan word deur (i) 'n verkoopsooreenkoms tussen hom/haar en 'n getroue bewonderaar, (ii) testamentêre beskikking en (iii) regswerking, kan eienaarskap van die outeursreg in die skryfwerk vervat in daardie joernaal op al drie hierdie maniere vervreem word. Die Wet maak voorsiening vir die vervreemding van outeursreg as roerende eiendom deur middel van oordrag van regte, testamentêre beskikking of regswerking.

Indien outeursreg aan 'n ander party oorgedra word, vereis die Wet dat die oordrag op skrif gestel word en deur of namens die oordraer onderteken word. Alhoewel die oordrag van outeursreg gereeld gebeur, maak outeursregeienaars dikwels nie spesifiek voorsiening vir die oordrag

van hul outeursreg deur testamentêre beskikking nie, en vervreemding deur regswerking gebeur dikwels net nie.

Waar outeursreg spesifiek in 'n testament bemaak word, is die oordrag van eienaarskap gewoonlik redelik eenvoudig: dit word volgens die bepalings van die testament gedoen. Dieselfde kan egter nie gesê word waar die oorledene nie 'n testament opgestel het nie; waar die testamentêre beskikking nie ten opsigte van die volledige outeursreg in 'n werk is nie; of waar daar nie spesifieke voorsiening vir die oordrag van outeursreg in die testament gemaak is nie.

Indien die eienaarskap van die outeursreg in 'n werk nie gedurende die outeur se leeftyd óf oorgedra óf in 'n testament bemaak is nie, sal sodanige eienaarskap deur sogenaamde regswerking oorgedra word – in hierdie geval deur die beginsels van die intestate erfreg. In Suid-Afrika reguleer die Wet op Intestate Erfopvolging 81 van 1987 hierdie regsgebied en dit bepaal eenvoudig dat die oorledene se eggenoot en/of naaste bloedverwant sy bates, wat outeursreg insluit, sal erf.

Omdat outeursreg nie fisiese eiendom is nie, word dit maklik oor die hoof gesien wanneer 'n boedel beredder word en dit lei dikwels daartoe dat die kommersialisering en afdwinging van daardie outeursreg gestaak word.

Dit is raadsaam om outeursreg spesifiek in 'n testament te bemaak

Om regsekerheid te verseker, moet skrywers toesien dat die oordrag van outeursreg duidelik in hul testamente uiteengesit word en 'n erfgenaam aangewys word.

Vir alle praktiese doeleindes neem die erfgenaam die rol van die oorledene oor en mag dan dieselfde regte ten opsigte van die werk (hetsy 'n letterkundige, artistieke of ander outeursregwerk) uitoefen as wat die oorledene sou kon indien hy/sy lewend was. Net so word die erfgenaam ook belas met al die verpligtinge waarmee die oorledene belas sou word indien hy/sy lewend was.

Tensy die testament anders vermeld, sal 'n erfgenaam ook in 'n posisie wees om tertiêre ten opsigte van 'n werk te eis, op dieselfde wyse as wat die oorledene daarop geregtig sou wees indien hy/sy lewend was.

Wanneer 'n fisiese voorwerp bemaak word waarvan die eenaar ook die outeursreg besit, soos 'n boek wat hy/sy geskryf het, bepaal die Wet dat die veronderstelling geld dat die erflating betrekking het op die eienaarskap van die boek én die outeursreg daarin, tensy anders bepaal.

Ter wille van regsekerheid is dit raadsaam om outeursreg spesifiek in 'n testament te bemaak indien jy die eenaar van outeursreg in 'n werk is, of indien jy in die toekoms die eenaar van outeursreg in 'n werk sal wees.

'n Immateriële reg wat as roerende eiendom oorgedra word – geen wonder dat eksekuteurs dikwels daarvan vergeet nie!

Indien 'n boedel beredder is sonder dat outeursreg oorgedra is, is dit soms moontlik om die boedel later te heropen om die outeursreg dan te vervreem.

In die baanbrekersaak *Griesel N.O. v Walt Disney Enterprises Inc.*, is die outeursreg in die lied “Mbube”, wat later verwerk is tot wat baie mense ken as “The Lion Sleeps Tonight”, nie oorgedra toe die boedel van die skrywer daarvan, wyle Solomon Linda, beredder is nie. Toe hierdie versuim aan die lig kom, is Linda se boedel heropen om die eksekuteur in staat te stel om namens die begunstigdes van die boedel aanspraak te maak op die regte vir die lied, en ook op vergoeding wat uit die verwerking daarvan spruit. Die partye het uiteindelik tot 'n vergelyk gekom met 'n skikkingsooreenkoms wat die Linda-erfgename in staat gestel het om tantième vir die gebruik van die gewilde “The Lion Sleeps Tonight”-liedjie te ontvang.

Terwyl dit dus raadsaam is om tydens jou leeftyd voorsiening te maak vir die oordrag van outeursreg in jou testament, sal alles hopelik nie verlore wees indien jy versuim om dit te doen nie.

Dinge wat goed is om te weet waar dit by oordrag van outeursreg kom:

1. 'n Oordrag van outeursreg of 'n testamentêre beskikking van outeursreg kan beperk word tot slegs (i) sommige van die handelingte waarvoor die eenaar van die outeursreg die uitsluitlike reg het, (ii) 'n deel van die termyn van die outeursreg, of (iii) 'n gespesifiseerde land of ander geografiese gebied.
2. Selfs waar eienaarskap van die outeursreg in 'n werk oorgedra is, het 'n skrywer steeds die reg om aanspraak op outeurskap in die werk te maak en om teen enige verdraaiing of skending van, of ander verandering aan, die werk beswaar te maak waar sodanige optrede vir die eer of goeie naam van die outeur nadelig is of sal wees.
3. Terwyl outeursreg deur middel van testamentêre beskikking oorgedra kan word, word morele regte as nie-vervreembare regte beskou. Dit kan dus nie aan 'n ander persoon oorgedra word nie.
4. 'n Oordrag, lisensie of testamentêre beskikking kan verleen of gedoen word ten opsigte van die outeursreg in 'n toekomstige werk, of die outeursreg in 'n bestaande werk waarin outeursreg nie bestaan nie

maar in die toekoms tot stand sal kom, en die toekomstige outeursreg in so 'n werk kan as roerende goed oorgaan.

5. Indien die materiaal waarop 'n werk vir die eerste keer geskryf of op 'n ander manier aangeteken is, soos 'n notaboek met 'n eerste weergawe van 'n manuskrip, bemaak word, behoort daardie bemaking geïnterpreteer te word om enige outeursreg of toekomstige outeursreg vir die werk wat in die outeur gesetel het ten tye van sy dood in te sluit. Dit sal die posisie wees in die afwesigheid van testamentêre bepalings wat die teendeel bewys.
6. Indien 'n outeursregeienaar tydens sy leeftyd 'n lisensie ten opsigte van sy outeursreg toegestaan het, sal die begunstigde van daardie lisensie ook na sy dood gebind wees daartoe.
7. Indien 'n reg op tantième aan 'n regsopvolger of erfgenaam toegeken is, hetsy deur kontraktuele ooreenkoms, regswerking of testamentêre beskikking, sal daardie begunstigde geregtig wees om die reg op tantième af te dwing.

Die publikasie-ooreenkoms:

wat jy moet weet voordat jy teken

Ongeag waarom jy skryf – vir kommersiële gewin, om inligting te versprei of bloot omdat dit is wat skrywers doen – is outeursreg in die werk wat jy skep ’n gevolg van jou skrywerskap. As eienaar van die outeursreg het jy ’n aantal eksklusiewe regte in verband met die ontginning van die werk. Die mees fundamentele hiervan is die reproduksiereg. Dit behels, kortom, dat ander partye nie kopieë van jou werk mag maak sonder jou toestemming nie. Wanneer die tyd egter aanbreek dat jy jou voltooid werk die wêreld wil instuur, moet daar afskrifte van die werk gemaak word. As jy boonop hoop om in ruil vir jou moeite ’n mate van finansiële beloning te bekom, moet jy verseker dat die werk aan die koperspubliek bemark word. Skryfkuns is een ding – en die skrywer se vaardighede hoef nie in twyfel getrek te word nie – maar daar is weinig skrywers wat ook kundig is oor die verwickeldhede en praktiese aspekte van die produksie-, bemarkings- en verkoopsfase.

Dit is in hierdie stadium dat jy as skrywer ’n verhouding met ’n uitgewer smee om jou werk op die mark te kry in ’n vorm wat dit vir lesers (en kopers) aantreklik maak. Die bepalinge van hierdie verhouding vorm die basis vir die publikasie-ooreenkoms. Eenvoudig gestel, is skrywers en uitgewers beide gemoeid met die omskakeling van die werk in ’n bemarkbare produk wat so wyd moontlik versprei word, op terme wat kommersieel voordelig vir beide partye sal wees.

Alhoewel publikasie-ooreenkomste kompleks is, in die sin dat hulle allerlei aspekte van die kommersialiseringsproses dek, behoort kontrakte nie so ingewikkeld te wees dat een van die partye nie die implikasies van ondertekening ten volle verstaan nie. Hierdie moontlikheid ontstaan wanneer

die uitgewer, soos gebruiklik, 'n generiese of standaardvormkontrak vir ondertekening aanbied wat nie aangepas is vir die skrywer se spesifieke behoeftes nie.

Die meeste publikasie-ooreenkomste dek soortgelyke bepalings, maar die feit dat jy 'n standaardvormkontrak ontvang, beteken nie dat daar geen ruimte is vir onderhandeling of vir die uitlig van bekommernisse indien jy nie heeltemal oortuig is dat die kontrak in jou beste belang is nie. As skrywer moet jy daarvan oortuig wees dat wat in die kontrak aangebied word, werklik aan jou behoeftes voldoen. 'n Droom mag dalk bewaarheid word as 'n uitgewer aanbied om jou werk te publiseer, maar jy moet jou vergewis van die implikasies voordat jy die kontrak onderteken.

APACT (ANFASA-PASA Agreement on Contract Terms) is 'n nuttige hulpbron wat 'n raamwerk vir sulke besprekings uiteensit. Dit bied 'n maklike verwysingsgids om jou te help om die bepalings te ontsyfer.

Vra jouself minstens die volgende vrae af wanneer jy die kontrak deurgaen voordat jy dit teken:

Wat gee jy?

Die belangrikste kontraksterme hou verband met die outeursreg in die werk. As eienaar van die kopiereg moet die skrywer die uitgewer toestemming gee om onder meer reproduksies van die werk te maak. Outeursreg is jou regstitel op die werk. Die keuse tussen 'n oordrag van die outeursreg aan die uitgewer en die toestaan van 'n lisensie aan die uitgewer sal jou toekomstige verhouding met die werk bepaal.

Met ander woorde, as jy kies om outeursreg aan die uitgewer oor te dra, doen jy effektief afstand van die eienaarskap van outeursreg in die werk. Die uitgewer word die eienaar. Dit beteken dat jy nie meer beheer oor die ontginning van die werk het nie en ook nie stappe kan instel as iemand anders die werk kopieer en die outeursreg skend nie. Terwyl outeursreg meestal vir vyftig jaar vanaf die skrywer se dood voortduur, sal jy dit ook nie aan jou erfgename kan oordra nie aangesien dit nie meer deel van jou boedel sal wees nie. Jy kan ook nie aanpassings van die werk, insluitend vertalings, maak sonder die toestemming van die uitgewer nie.

Die gebruiklike alternatief tot 'n volledige oordrag van regte is om aan die uitgewer 'n eksklusiewe lisensie te gee. Die gevolg hiervan is dat jy nie vir die duur van daardie lisensie enige ander persoon magtig om die werk te publiseer of kopieë daarvan te maak nie. Dikwels word eksklusiewe lisensies so wyd geformuleer dat hul effek grootliks dieselfde is as wanneer

die outeursreg in die werk gesedeer of oorgedra is, byvoorbeeld wanneer die lisensie vir die volle duur van die outeursreg geld.

As skrywer wil jy die uitgewer voldoende toestemming gee om die werk te kan vervaardig, bevorder en ook beskerm. Probeer egter ook om toekomstige ontwikkelinge en scenarios te voorsien. 'n Voorbeeld sou 'n roman wees wat later die basis van 'n film kan vorm. As jy die outeursreg ten volle aan die uitgewer oorgedra het, sal jy nie die filmprojek kan aanpak sonder om eers toestemming te verkry van die uitgewer wat die nuwe outeursregeienaar is nie. Wees redelik oor wat die uitgewer nodig het om suksesvol te wees, maar oorweeg ook of die uitgewer in 'n posisie is om ander projekte aan te pak wat op die werk gebaseer is.

Ongeag of die outeursreg oorgedra is of 'n lisensie toegestaan is, behou jy as skrywer die reg om as sodanig erken te word en oor die algemeen beswaar te maak teen enige handeling wat die integriteit van jou werk sal beïnvloed. Uitgewers kan vereis dat jy van hierdie regte afstand doen, maar dit kan nie oorgedra word nie.

Wat kry jy?

Wanneer die uitgewer die nodige skrywersmagtiging het, sluit hul taak die produksie van die finale vorm van die produk in en natuurlik die uitgee daarvan sodat inkomste uit die verkope van die werk gegeneer kan word.

Die kontrak sal 'n aantal bepalinge bevat wat handel oor wat die skrywer in ruil kan verwag. Die voor die hand liggendste hiervan is 'n tantiëmebetaling op eksemplare wat verkoop is. Die bedrag wat 'n skrywer verdien, word gewoonlik gekoppel aan 'n persentasie van die uitgewer se inkomste ná aftrekkings soos BTW en handelskorting. Daar is nie een spesifieke formule hier nie, en dit kan wissel afhangende van die omstandighede en die tipe publikasie. In sommige gevalle kan 'n eenmalige betaling byvoorbeeld dalk beter wees as deurlopende tantiëme. Oor hierdie aspek kan onderhandel word.

Die ooreenkoms sal ook aandui hoeveel outeurseksemplare die skrywer sal kry, en moontlik ook die voorwaardes waaronder die skrywer geregtig sal wees om enige onverkoopte eksemplare van die werk oor te koop (gewoonlik wanneer die vraag daarna afgeneem het).

Wat is jou verpligtinge?

Hoe die produksieproses inmekaarsteek, word uiteengesit in die take wat die partye verplig sal wees om te vervul. Die uitgewer se verpligtinge sluit gewoonlik in om die werk redaksioneel te versorg, te bemark, die

publikasiedatums te stel, besluite te neem oor die aantal eksemplare wat gedruk gaan word, en gewoonlik ook oor die omslagontwerp.

Van die skrywer se verpligtinge kan koste-implikasies hê, byvoorbeeld waar die skrywer die koste van indeksering dra en die verkryging van toestemming om ander mense se materiaal in die werk te gebruik.

Daar is tipies ook klousules waarin outeurs instem tot opdatering van die werk indien nodig, die uitgewer vrywaar van skade wat hulle mag ly as daar regstappe oor die werk ingestel word, onderneem om nie 'n mededingende werk uit te gee nie, en aan die uitgewer die eerste weieringsreg gee vir toekomstige werke wat deur die skrywer geskryf sal word.

In 'n neutedop:

Jy het soveel daarin belê om die werk te skryf, moenie huiwer om na te dink voordat jy teken nie. As jou werk publikasie werd is, sal dit die uitgewer se moeite werd wees om te wag terwyl jy die kontrak eers lees!

Laster

en die skending van persoonlikheidsregte

In skrywerskontrakte is daar dikwels 'n klousule ingevolge waarvan die skrywer waarborg dat geen gedeelte van sy/haar manuskrip lasterlik is of derde partye se regte sal skend nie. Aanspreeklikheid vir verbreking van dié waarborg berus tipies by die skrywer. Dit is daarom nuttig om te kyk na laster en die skending van persoonlikheidsregte.

Inleidend

Elke individu beskik oor persoonlikheidsregte. Die Suid-Afrikaanse reg erken die volgende persoonlikheidsregte: *corpus*, *dignitas* en *fama*. Eersgenoemde het betrekking op die reg op liggaamlike integriteit terwyl laasgenoemde na die reg op reputasie of goeie naam verwys. *Dignitas* is 'n sambreelterm en sluit die reg op die eer, die reg op privaatheid asook die reg op identiteit in. Met die publikasie van enige boek is dit moontlik dat 'n individu se persoonlikheidsreg(te) aangetas sou kon word. Byvoorbeeld, indien 'n niefiksie-skrywer persoonlike gegewens oor die gesondheidstatus van 'n ander persoon sou publiseer, sou dit moontlik kon neerkom op 'n skending van daardie persoon se reg op privaatheid. Of, indien 'n skrywer van 'n roman verwys na 'n werklike persoon en haar beskryf as 'n korrupte leuenaar, sou dit die skrywer moontlik kon blootstel aan aanspreeklikheid vir laster. Dit geld ook waar die skrywer nie die persoon se regte naam gebruik nie, maar 'n ander naam aan die karakter gee. Indien die redelike leser sou kon aflei dat die karakter op 'n werklike, herkenbare persoon gebaseer is, sou aanspreeklikheid kon volg. In die omgewing waarin skrywers en uitgewers hulself bevind, is dit meer waarskynlik dat die publikasie van 'n boek aanspreeklikheid daar kan stel vir skendings van *dignitas* (spesifiek die reg

op privaatheid en moontlik die reg op identiteit) en *fama*. In hierdie hoofstuk val die fokus egter op die vereistes vir aanspreeklikheid vir laster.

Laster en die reg op reputasie of goeie naam

Uit 'n regserspektief kan laster beskryf word as die opsetlike, onregmatige publikasie van lasterlike bewerings wat na die eiser (die persoon wat belaster word) verwys. Die reg op reputasie het te make met die agting of aansien wat die eiser in die gemeenskap geniet. Indien die eiser van mening is dat hierdie reg aangetas is, sou hy/sy dit kon oorweeg om die skrywer van die lasterlike materiaal te dagvaar vir skadevergoeding (soms word daar eerder na verwys as genoegdoening). In so 'n geval sou die eiser bo 'n oorwig van waarskynlikheid moet bewys dat die skrywer (i) lasterlike bewerings (ii) gepubliseer het (iii) wat na die eiser verwys. Dit is gewoonlik nie moeilik vir eisers om (ii) of (iii) te bewys nie en die groot vraag is eerder: wanneer is 'n bewering lasterlik?

Om daardie vraag te beantwoord, volg howe 'n twee-stap-benadering. Eerstens word gevra: wat is die gewone betekenis van die relevante woord of stelling? Hier fokus die hof nie op die subjektiewe bedoeling van die skrywer nie; intendeel, die hof steur hom nie aan die betekenis wat die skrywer wou oordra nie en ook nie aan die interpretasie van die spesifieke individue wat die publikasie gelees het nie (ongegag of hulle geglo het of dit waar is of nie, en of hulle minder van die eiser gedink het of nie). Die toets wat hier toegepas moet word, is 'n objektiewe een en die relevante kriterium is daarom watter betekenis die redelike leser van gewone intelligensie aan die stelling sal toeskryf. By die toepassing van hierdie toets word aanvaar dat die redelike leser die stelling in konteks sal verstaan en dat hy/sy nie net ag sal slaan op wat spesifiek gestel word nie, maar ook op wat geïmpliseer word. Die tweede stap van die benadering is om te bepaal of die gewone betekenis van die woord lasterlik is. Hier volg die howe ook 'n objektiewe benadering en word daar aanvaar dat 'n stelling lasterlik sou wees indien dit waarskynlik die aansien van die eiser in die oë van die redelike, gemiddelde persoon aan wie die publikasie voorgehou word, nadelig sal beïnvloed.

Om laasgenoemde te bepaal, is getuienis oor of die waarnemer(s) in werklikheid minder van die eiser gedink het, nie toelaatbaar nie. Howe het al verwys na die volgende stellings as bewerings wat normaalweg as lasterlik beskou kan word: stellings wat oneerlike, onsedelike of andersins oneerbare optrede aan die eiser toeskryf; stellings wat waarskynlik die eiser kan verneder of verkleineer of wat geneig is om hom/haar uit te maak as dwaas, belaglik of absurd; en stellings wat die eiser blootstel aan minagting of bespotting wat 'n negatiewe invloed sal hê op die respek wat ander teenoor die eiser sal betoon.

Indien die eiser daarin geslaag het om te bewys dat die bewerings wat die skrywer gepubliseer het na hom/haar verwys en, volgens bogenoemde benadering, as lasterlik bestempel kan word, beteken dit nie sonder meer dat die skrywer aanspreeklik is nie. Daar is immers nog twee vereistes vir aanspreeklikheid: opset en onregmatigheid. Anders as in ander gevalle, is die bewyslas egter nie op die eiser om hierdie vereistes te bewys in die konteks van laster nie. Trouens, daar word weerlegbaar vermoed, oftewel aangeneem, dat die publikasie van lasterlike materiaal op opsetlike en onregmatige wyse plaasgevind het. Dit beteken dat die skrywer aanspreeklikheid kan ontduik deur te bewys dat die publikasie van die lasterlike bewerings nie opsetlik gemaak is nie, of dat dit nie onregmatig is nie.

Regstegnies bestaan opset uit wilsgerigtheid en onregmatigheidsbewussyn. Eersgenoemde het te make met die vraag of die skrywer subjektief sy/haar wil gerig het op die teweegbring van 'n spesifieke gevolg of andersins voorsien het dat dit moontlik sou kon intree. Onregmatigheidsbewussyn, aan die ander kant, verwys breedweg na die vraag of die skrywer subjektief gewet het dat die publikasie van die bepaalde lasterlike bewering onregmatig is.

By die vasstelling van opset, fokus die hof dus op die gemoedstoestand van die skrywer. Die skrywer sou dus sekere verwere kon aanvoer ten einde te bewys dat hy/sy nie opsetlik lasterlike bewerings gepubliseer het nie. Daar kan byvoorbeeld geargumenteer word dat die skrywer 'n fout gemaak het insover hy/sy werklik subjektief gedink het dat die publikasie regmatig geskied het. 'n Ander gewilde verweer wat opset kan uitsluit, is skerts. Hier sal 'n skrywer moontlik argumenteer dat sy/haar wil nie daarop gerig was om die eiser se reputasie aan te tas nie, maar eerder om die gek te skeer. Ander moontlike verwere wat 'n impak op wilsgerigtheid en/of onregmatigheidsbewussyn kan hê sluit in geestesongesteldheid (emosionele stres), provokasie, jeugdigheid en dronkenskap.

Indien die skrywer se beroep op hierdie verwere onsuksesvol was, en dit dus vasstaan dat die publikasie van die lasterlike bewerings opsetlik geskied het, is dit steeds moontlik om aanspreeklikheid te vermy. Die skrywer kan hom/haar beroep op sekere verwere om aan te toon dat die publikasie nie onregmatig was nie. Die vier erkende verwere in hierdie verband word kortliks hieronder omskryf. Skrywers kan egter daarop let dat dit meer waarskynlik is dat die eerste twee verwere op hulle van toepassing is. Beide hierdie verwere sou byvoorbeeld aangevoer kon word indien die staat sou voortgaan met regstappe teen Jacques Pauw oor die inhoud van sy veelbesproke boek, *The President's Keepers*, terwyl die laaste twee verwere vanuit 'n skrywersperspektief miskien minder relevant sou wees. Die laaste verweer veral is eintlik gefokus op media-verweerdere eerder as individuele skrywers.

Eerstens kan daar geargumenteer word dat die publikasie van die lasterlike materiaal die waarheid is en ook in die openbare belang was. Om suksesvol te wees, moet albei komponente van die verweer bewys word en dit is dus onvoldoende om bloot aan te toon dat die bewerings waar is.

'n Tweede moontlike verweer is dié van billike kommentaar. Hier kan die skrywer argumenteer dat die bewerings (tipies kommentaar of opinie) gebaseer is op feite. In hierdie konteks dra die grondwetlike reg op vryheid van uitdrukking besondere gewig en die houe is bereid om kommentaar wat oordrewe of selfs bevooroordeeld is te beskerm solank dit billik en eerlik was. Kommentaar wat kwaadwillig of met onbehoorlike motief gepubliseer is, sal die verweer egter pootjie.

Derdens kan aangevoer word dat die stelling gemaak is in gepriviligeerde omstandighede. Hier kan tussen absolute en gekwalifiseerde privilegie onderskei word, elk met sy eie stel vereistes. Die kern van hierdie verweer is dat die reg sekere stellings – ten spyte daarvan dat dit lasterlik is – moet beskerm op grond van openbare beleidsredes. 'n Laaste verweer wat erken word en veral deur media-verweerdere aangewend word, is dié van redelike publikasie. Hierdie verweer is veral relevant vir media-verweerdere, d.w.s. media-huise en uitgewers van bepaalde tekste.

Om suksesvol te wees, moet bewys word dat die publikasie van lasterlike materiaal in die omstandighede redelik was. Ten einde die redelikheid van die publikasie vas te stel, word ag geslaan op die belang van die algemene publiek om deur die media ingelig te word oor bepaalde kwessies; die wyse waarop gepubliseer is; die toon van die materiaal wat gepubliseer is; die betroubaarheid van die relevante bron op grond waarvan die materiaal gepubliseer is; die stappe wat geneem is om die inligting te verifieer voor publikasie; en of die persoon wat belaster is 'n geleentheid gegun is om kommentaar te lewer voor publikasie.

Lastereise loop hand aan hand met die publikasie en verspreiding van inligting; juis waarmee skrywers, joernaliste en uitgewers hulle bemoei. In plaas daarvan om onverhoeds betrap te word, is dit raadsaam om reeds voor publikasie bedag te wees op die moontlike lasterlike inhoud in 'n manuskrip en die regstappe wat op publikasie daarvan kan volg.

Die reg op privaatheid

en die skending daarvan

Inleidend

In die vorige hoofstuk is aangedui dat elke individu oor sekere persoonlikheidsregte beskik: *corpus*, *dignitas* en *fama*. Terwyl eersgenoemde verwys na die reg op liggaamlike integriteit, het laasgenoemde betrekking op die reg op reputasie of goeie naam. *Dignitas* is 'n sambreelterm en sluit die reg op die eer, die reg op privaatheid asook die reg op identiteit in. Dit is moontlik dat, met die publikasie van 'n bepaalde boek, 'n skrywer inbreuk sou kon maak op 'n individu se persoonlikheidsreg(te). Dit is verder so dat, in die omgewing waarin skrywers en uitgewers hulself bevind, die publikasie van 'n boek meer waarskynlik aanleiding sou kon gee tot aanspreeklikheid vir skendings van *dignitas* (spesifiek die reg op privaatheid en moontlik die reg op identiteit) en *fama* as die reg op *corpus*. In die vorige hoofstuk is die basiese regsbeginsels wat van toepassing is op laster en die skending van 'n persoon se reputasie kortliks en breedweg omskryf. In hierdie artikel word die aandag egter geplaas op privaatheidskending. Wat is privaatheid vir die doeleindes van die siviele (deliktuele) aanspreeklikheid? Hoe vind privaatheidskendings tipies plaas? En kan die skending van die reg op privaatheid geregverdig word sodat aanspreeklikheid nie volg nie?

Wat behels die reg op privaatheid?

Ten einde te slaag met 'n siviele (deliktuele) eis vir privaatheidskending, sou 'n eiser moet kan bewys dat die skrywer op (i) opsetlike, (ii) onregmatige wyse (iii) die eiser se reg op privaatheid geskend het.

Dit gee aanleiding tot die vraag: wat behels die reg op privaatheid binne die konteks van siviele (deliktuele) aanspreeklikheid? Eenvoudig verwoord,

behels dit die reg om alleen gelaat te word. Meer spesifiek verwys dit na die mees persoonlike aspekte van 'n persoon se bestaan, wat nie normaalweg met die algemene publiek gedeel word nie. Dit is inligting wat byvoorbeeld verband hou met 'n persoon se gezondheidstatus, seksuele oriëntasie, finansiële posisie, leefstyl of gesinslewe, asook inligting wat vertroulik is of verband hou met 'n persoon se jeug, agtergrond of geskiedenis.

Dit is belangrik dat voornemende skrywers moet onthou dat, in beginsel, elke persoon die reg het om te besluit watter aspekte van sy/haar lewe privaat is en wat privaat gehou moet word. Verder het individue ook die reg om te besluit watter inligting geopenbaar mag word en ook onder watter omstandighede sodanige openbaarmakings mag geskied. Daar word dus aanbeveel dat skrywers moet ooreenkom met relevante individue wat moontlik geraak kan word deur die toekomstige publikasie van 'n boek om sodanige persoon se toestemming te verkry vir die bekendmaking van enige private inligting.

Hoe word inbreuk gemaak op privaatheid?

Indien iemand 'n skrywer aanspreeklik sou wou hou vir privaatheidskending, sou daardie persoon moet bewys dat die skrywer op opsetlike, onregmatige wyse inbreuk gemaak het op sy/haar reg op privaatheid. Inbreukmaking op die reg op privaatheid kan op twee maniere plaasvind: indringing of openbaarmaking. Indringing het basies te make met 'n direkte inbreukmaking op 'n persoon se privaatheidsreg. Dit sal plaasvind waar 'n skrywer byvoorbeeld ongemagtigde toegang verkry tot private inligting wat gedeel word met 'n ander persoon tydens 'n briefwisseling of e-pos-korrespondensie, of waar 'n skrywer luister na 'n private gesprek tussen twee of meer persone.

Die openbaarmaking van private inligting vind normaalweg plaas wanneer 'n skrywer private inligting oor die eiser (wat byvoorbeeld deur indringing verkry is) aan ander persone bekend maak. Waar 'n mens met skrywers en uitgewers te make het, word dit tipies bekend gemaak deur middel van die publikasie van 'n boek. 'n Goeie voorbeeld kan gevind word in 'n belangrike uitspraak deur die Konstitusionele Hof oor privaatheidskending – daar het die skrywer die gezondheidstatus van die eisers gepubliseer en bekend gemaak aan 'n groot gehoor.

Privaatheidskendings moet op opsetlike en onregmatige wyse geskied

Indien die eiser daarin geslaag het om te bewys dat die skrywer inbreuk gemaak het op sy/haar reg op privaatheid, beteken dit nie sonder meer dat die skrywer aanspreeklik is nie. Daar is immers nog twee vereistes vir

aanspreeklikheid: opset en onregmatigheid. Soos verduidelik in die vorige hoofstuk wat oor laster gehandel het, bestaan opset uit wilsgerigtheid en onregmatigheidsbewussyn. Eersgenoemde het te make met die vraag of die skrywer subjektief sy/haar wil gerig het op die teweegbring van 'n spesifieke gevolg of andersins voorsien het dat dit moontlik sou kon intree.

Onregmatigheidsbewussyn, aan die ander kant, verwys breedweg na die vraag of die skrywer subjektief geweet het dat wat hy/sy doen onregmatig is. By die vasstelling van opset, fokus die hof dus op die gemoedstoestand van die skrywer. Die skrywer sou dus sekere verwere kon aanvoer ten einde te bewys dat hy/sy nie opsetlik die eiser se reg op privaatheid geskend het nie. Daar kan byvoorbeeld geargumenteer word dat die skrywer 'n fout gemaak het insover hy/sy werklik subjektief gedink het dat die publikasie regmatig geskied het. Ander moontlike verwere wat 'n impak op wilsgerigtheid en/of onregmatigheidsbewussyn kan hê, sluit in skerts, geestesongesteldheid (emosionele stres), provokasie, jeugdigheid en dronkenskap.

Indien die skrywer se beroep op hierdie verwere egter onsuksesvol was, en dit dus vasstaan dat die publikasie van die private inligting opsetlik geskied het, is dit steeds moontlik om aanspreeklikheid te vermy. Dít kan die skrywer doen deur sekere verwere aan te voer wat daarop gemik is om aan te toon dat die publikasie nie onregmatig was nie. Onregmatigheid het uiteindelik te make met die vraag of, met inagneming van die regsoortuiging van die gemeenskap asook relevante beleidsoorwegings, dit redelik sou wees om die skrywer aanspreeklik te hou vir die inbreukmaking op die eiser se reg op privaatheid. In hierdie konteks sal dit belangrik wees om te onthou dat elke individu se gemeenregtelike reg op privaatheid ook grondwetlike beskerming geniet, terwyl die Grondwet terselfdertyd ook skrywers se reg op vryheid van uitdrukking verskans. Dit mag ook relevant wees of die openbaarmaking van sekere private feite in die openbare belang is.

Die mees relevante erkende verweer in die konteks van die reg op privaatheid is toestemming. Met ander woorde, indien die eiser sy/haar toestemming daartoe gegee het dat die skrywer toegang kan verkry tot sekere private feite en dat dit bekend gemaak (gepubliseer) mag word, sou sodanige publikasie as regmatig beskou word en sal die skrywer dus nie aanspreeklik gehou kan word nie. In hierdie verband moet die skrywer egter onthou dat toestemming ook verkry moet word oor die wyse waarop publikasie mag geskied en aan wie die private inligting geopenbaar mag word. Verder is dit ook relevant om daarop te let dat toestemming tot die publikasie van sekere private feite nie sonder meer beteken dat die skrywer enige ander feite rakende die eiser sonder sy/haar toestemming mag publiseer nie.

Plagiaat:

'n regspektief

In die streng sin van die woord is plagiaat nie 'n regs-konsep nie. Dit word nie deur enige wet omskryf of spesifiek deur die gemenerereg gereuleer nie. Industriepraktieke en bedryfspesifieke beleid kom nie op regsbepalings neer nie, ongeag die gevolge daarvan. Dit beteken egter nie dat die reg nie met plagiaat gemoeid is nie – allermins.

Plagiaat is al bespreek in 'n aantal gerapporteerde hofsake wat 'n verrassende verskeidenheid geskille en regsvelde dek. Dit sluit in outeursregs-kending in nuusberigte,³ woordeboekinskrywings,⁴ 'n mediese voubiljet⁵ en 'n handboek oor inkomstebelasting,⁶ handelsmerkskending en onregmatige mededinging in die konteks van tydskrifartikels en webwerfinskrywings,⁷ patentskending ten opsigte van 'n metode vir die lê van plaveisel,⁸ administratiewe foute in 'n patent-aansoek,⁹ 'n geskil oor die geregistreerde ontwerp vir krate waarin bottels verpak word¹⁰ en die hersiening van ministeriële besluite met betrekking tot die weiering van 'n eksklusiewe prospekterlisensie vir uraan.¹¹

Dit is daarom nie verbasend dat hierdie mengelmoes pogings om plagiaat aan die reg op te dring, nie duidelikheid bied oor die aard of omvang van plagiaat nie. In nie een van hierdie gevalle is daar gepoog, of selfs oorweeg, om plagiaat in sy juiste regs-konteks te plaas nie; dit is naamlik die deliktereg

³ *Moneyweb (Pty) Ltd v Media24 Ltd and Another* 2016 BIP 326 (GJ).

⁴ *Media 24 Books (Pty) Ltd v Oxford University Press Southern Africa (Pty) Ltd* 2015 BIP 384 (WCC).

⁵ *Biotech Laboratories (Pty) Ltd v Beecham Group Plc and Smith-Kline Beecham Pharmaceuticals (Pty) Ltd* 2002 BIP 174 (SCA).

⁶ *Juta & Co Ltd and Others v De Koker and Others* 1994 (3) SA 499 (T).

⁷ *New Media Publishing (Pty) Ltd v Eating Out Web Services* CC 2005 BIP 127 (C).

⁸ *McCauley Corporation Ltd v Brickor Precast (Pty) Ltd* 1989 BP 314 (CP).

⁹ *Hokuriku Pharmaceutical Co Ltd v Cipla-Medpro (Pty) Ltd* 1999 BIP 384 (CP).

¹⁰ *Chespak (Pty) Ltd v MCG Industries (Pty) Ltd* 2014 BIP 465 (GP).

¹¹ *Black Range Mining (Pty) Ltd v Minister of Mines and Energy and Another* 2009 (1) NR 140 (HC).

in die vorm van wanvoorstelling of sy strafregtelike eweknieë, naamlik bedrog en vervalsing.

'n Wanvoorstelling vind plaas wanneer die oortreder 'n verkeerde of misleidende voorstelling op 'n onregmatige en strafbare wyse aan 'n ander persoon maak op grond waarvan daardie persoon tot sy nadeel handel.¹² Dit behels verskeie elemente. Die wanvoorstelling kan opsetlik of nalatig gepleeg word,¹³ en dit moet duidelik wees dat die wanvoorstelling onregmatig is in soverre dit die nie-nakoming van 'n regsplig behels.¹⁴ In die geval van plagiaat vloei die regsplig, om akkurate inligting te verskaf oor die oorsprong van die materiaal, gewoonlik voort uit 'n kontraktuele onderneming soos 'n bedryfspesifieke kode, 'n plagiaatbeleid, 'n akademiese beleid of 'n gedragskode. Waar geen kontraktuele plig bestaan nie, kan onregmatigheid in die konteks van plagiaat bepaal word met verwysing na die beroep of professionele hoedanigheid van die outeur.¹⁵ As daar beweer word dat plagiaat per abuis gepleeg is, sal die optrede van die outeur gedingsvatbaar wees indien dit te kort skiet aan die standaard van redelikheid wat in die spesifieke omstandighede verwag kan word.

Laastens moes die wanvoorstelling die een of ander vorm van skade vir die klaer veroorsaak het omdat hy daarvolgens gehandel het. In die geval van 'n wanvoorstelling in die vorm van plagiaat is die skade gewoonlik opsigtelik. Byvoorbeeld, 'n uitgewer wat 'n manuskrip aanvaar en kostes aangegaan het om die werk te publiseer, of 'n instelling wat 'n werk geakkrediteer het en sy reputasie in die proses in die gedrang gebring het, is geregverdig om kopsie te maak teen so 'n wanvoorstelling waarvoor skadevergoeding betaalbaar mag wees.

Daarbenewens kan plagiaat ook 'n strafregtelike oortreding wees indien die wanvoorstelling gemaak is met die bedoeling om te bedrieg. In sulke gevalle is plagiaat 'n vorm van bedrog.¹⁶ Om op onregmatige wyse 'n valse dokument te skep¹⁷ en om 'n vervalste dokument te gebruik of aan te bied,¹⁸ verteenwoordig twee verdere strafregtelike oortredings, naamlik vervalsing en uitgifte van 'n vervalste dokument, mits daar aan al die ander elemente van die misdaad voldoen is.

In al drie gevalle moet aangedui word dat skade deur die verweerder se

¹² Neethling, J and Potgieter, JM *Law of Delict 7ed* (2015) LexisNexis 313.

¹³ Neethling *Delict* 314-5.

¹⁴ 316.

¹⁵ 317-8.

¹⁶ Burchell *Criminal Law* 579.

¹⁷ 590.

¹⁸ 592.

optrede veroorsaak is. In teenstelling met die siviele aksie wat hierbo bespreek is, is die element van skade in die konteks van bedrog, vervalsing en uitgifte egter nie beperk tot werklike skade nie en sluit dit ook *potensiële* skade aan enige ander party in.¹⁹

Ten einde plagiaat binne hierdie regs konteks te plaas, is dit nodig om die handeling van plagiaat te definieer en die volle omvang daarvan uit te klaar.

Kortom, plagiaat het te make met die oorsprong van intellektuele uitdrukking. Dit is 'n tweeledige ondersoek. Aan die een kant gaan dit oor die identiteit van die outeur en sy/haar reg om aanspraak op die werk te maak. Aan die ander kant is plagiaat gemoeid met die impak wat die werk op die optrede van die publiek het. Ongelukkig word die tweede deel van die plagiaatondersoek dikwels geïgnoreer, soos geïllustreer deur bogenoemde sake, ondanks die feit dat dit vanuit 'n regs perspektief die belangriker element is.

'n Handboek wat plagiaat bevat, skend byvoorbeeld die regte van die onerkende outeur en dit skep by die publiek die oortuiging dat die outeur van die boek verantwoordelik is vir die volledige letterkundige inhoud van die handboek en die waarde wat aan daardie inhoud toegeskryf kan word. Die publiek, soos die leser, resensent, uitgewer, redakteur of akkrediterende instelling, word onder 'n wanindruk geplaas ('n wanvoorstelling deur die outeur) wat skade veroorsaak of kan veroorsaak. Dus, vanuit 'n regs perspektief, is plagiaat 'n geval van misleiding of bedrog op grond waarvan verskeie partye, insluitende die staat, regstappe kan neem.

Met ander woorde, afhangend van die aard en uitwerking van die wanvoorstelling, kan plagiaat gronde vir siviele of strafregtelike aanspreeklikheid wees, of albei. Dit is die geval selfs as die onbekende skrywer nie gegrief voel nie, sy regte oorgedra het of nie opgespoor kan word nie. Plagiaat as 'n vorm van wanvoorstelling in die privaatrek is van toepassing op alle werke, ongeag of dit outeursregbeskerming geniet. Die bogenoemde strafregtelike sanksies word egter beperk tot dokumente (gedefinieer as enige vorm van skrif of merke wat 'n menslike verklaring kommunikeer²⁰) en sluit nie audio of visuele werke in nie.²¹

Dit is duidelik dat plagiaat verskillende regs kenmerke het en tog is dit nie

¹⁹ 587.

²⁰ Burchell *Criminal Law* 591 met verwysing na Milton, JRL (1996) "Common-Law Crimes" in *South African Criminal Law and Procedure* Vol 2 3ed 744.

²¹ Burchell *Criminal Law* 591.

in die reg gedefinieer nie. Daarom is dit nodig om betekenis te gee aan die daad van plagiaat.

In die afwesigheid van 'n regsdefinisie, en tensy daar goeie redes is om van die norm af te wyk, skryf die reg die gewone, woordeboek-betekenis aan woorde toe.

Daar word aangevoer dat 'n toepaslike, korrekte en bondige betekenis van plagiaat is “om 'n ander persoon se idees, woorde of werk te kopieer en dit as jou eie voor te hou.”²²

Ten spyte van die oënskynlike eenvoud van hierdie definisie moet dit van nader bekyk word om te illustreer waarom plagiaat in die eerste plek ressorteer onder die dele van die reg wat met wanvoorstelling verband hou.

Eerstens is plagiaat die *kopieer* van idees, woorde of werk. Die sentiment is soortgelyk aan daardie deel van die outeursreg wat die ongemagtigde reproduksie van enige wesentliche deel²³ van 'n ander se intellektuele uitdrukking²⁴ verbied. Vir plagiaat om plaas te vind, moet daar dus 'n manifestasie of voorstelling in materiële vorm wees van 'n ander se idees, woorde of werk – soortgelyk aan outeursregskending. As gevolg hiervan is dit nie verbasend dat daar al baie gepoog is om 'n geval van plagiaat as 'n vorm van outeursregskending te hanteer nie.

In soverre dit beskerming bied teen die ongemagtigde gebruik van outeursregwerk, kan die outeursreg van toepassing wees in die geval van plagiaat. Baie gevalle van plagiaat sal egter nie die toets vir outeursregskending slaag nie.²⁵ Daarbenewens verskil die vereiste van oorspronklikheid by outeursreg baie van die oorspronklikheidsstandaard wat verwag word van diegene wat 'n aantying van plagiaat wil voorkom. Trouens, daar word algemeen aanvaar dat 'n werk wat beide plagiaat en outeursregskending daarstel, steeds vir outeursregbeskerming sou kon kwalifiseer.²⁶

'n Persoon mag dalk daarop geregtig wees om iets te reproduseer, maar dit beteken nie dat hul daarop geregtig is om outeurskap of eienaarskap te eis van dit wat gereproduseer word nie. Net so kan outeursregwetgewing die

²² Afrikaanse ekwivalent van die Oxford Advanced Learner's Dictionary se definisie van “plagiarize”.

²³ Dean *Handbook* 1–65 by 8.3.

²⁴ Sien byvoorbeeld Jooste, C “The press(ing) matter – plagiarism and copyright infringement” *IPStell 2012* beskikbaar by <http://blogs.sun.ac.za/iplaw/2012/02/02/the-pressing-matter---plagiarism-and-copyright-infringement/> vir 'n bespreking van die toepaslike outeursregbeginsels in die geval van plagiaat.

²⁵ Dit kan wees omdat dit nie 'n wesentliche reproduksie is nie of omdat die outeur daarop geregtig is om die werk te reproduseer deur middel van 'n lisensie of deur regswerking, soos 'n toepaslike billike gebruiksuitsondering of die verstryking van die duur van outeursregbeskerming.

²⁶ Sien Dean *Handbook* 1–22

reproduksie van ander se werk onder sekere omstandighede toelaat, maar daardie handeling kan steeds 'n geval van wanvoorstelling wees wat tot regstappe kan lei. Hierdie feit is veral relevant in die geval van opdragwerke, dit wil sê werke wat in opdrag van 'n ander party geskep, saamgestel of versprei word in ruil vir 'n vorm van vergoeding. Die feit dat toestemming verleen is vir die opdragwerk om gereproduseer, aangepas of gepubliseer te word, beteken nie dat die gebruiker dit as sy/haar eie werk mag aanbied nie. Die feit dat dit 'n opdragwerk is, stel nie die opdraggewer skadeloos teen 'n eis van enigeen wat staatgemaak het op die valse indruk wat geskep is deur die onakkurate aanduiding van outeurskap nie.

Tweedens word plagiaat gedefinieer as die gebruik van *idees, woorde of werk* van 'n ander. Aldus, in teenstelling met sommige goedbedoelde menings,²⁷ kan plagiaat ook voorkom in die afwesigheid van ontlening uit 'n ander se teks. Dit is waar dat outeursreg nie in idees berus nie, maar die reg bly gemoeid met diegene wat inligting, insluitend idees, in 'n valse lig aanbied. Verder is teks 'n kommunikasiemedium wat betekenis op 'n letterlike en kontekstuele wyse oordra. Die skrywer kan, afhangende van die keuse en rangskikking van woorde, 'n boodskap oordra wat verder gaan as die versamelde definisies van die woorde wat hy/sy gebruik het. Hierdie literêre poging om die teks met sekondêre betekenis of effek te vul, kan beskou word as die werk en gaan verder as die blote idee of die letterlike teks. Deur idees en werk as elemente van die beskermde uitdrukking vir die doel van plagiaat in te sluit, ondervang die definisie sowel die teks as die waarde van daardie teks. Verder erken dit dat plagiaat ook kan verband hou met nie-tekstuele of visuele werke en gemengde werke soos grafieke, illustrasies en samestellings.

Plagiaat as 'n regsvoortreding is, soos hierbo verduidelik, gemoeid met die indruk wat die skrywer geskep het oor sy/haar aanspraak op die werk. Dit geskied wanneer 'n leser nie korrek ingelig is oor die identiteit van die persoon wat verantwoordelik is vir die teks of die waarde wat in die teks uitgedruk is nie. In hierdie konteks hou die waarde van die teks verband met die betekenis, konsep, betoog, argument, benadering, stilistiese tegniek, literêre gehalte, insig, inspirasie of enige ander nie-tekstuele element van die oorspronklike teks. In die geval van akademiese of kreatiewe werk is dit van besondere belang. Aangesien kreatiewe skryfwerk en akademiese navorsingsuitsette aan die hand van literêre en/of akademiese meriete beoordeel word, is dit duidelik dat erkenning slegs gegee kan word vir dit wat werklik eie is aan die outeur van daardie werk. Gevolglik kan enige versuim om aan te dui

²⁷ De Kock, A (2011) "Die verskil tussen 'plagiaat' en 'leen'" SA Vryskryfskrywer Nuusbrief 20 April 2011 beskikbaar by http://www.savryskryfskrywer.co.za/april_20_nuusbrief_03qlopfg.htm.

dat die waarde van die teks van elders afkomstig is, 'n vals indruk skep oor intellektuele insette. Dit kom neer op plagiaat selfs waar geen duplisering van teks plaasgevind het nie.²⁸

Plagiaat is, derdens, om idees, woorde of werk aan te bied en *voor te gee dat dit jou eie is*. Hierdie element is die rede waarom sommige mag argumenteer dat 'n opdragwerk of eie werk nie geplagieer kan word nie. Dit is natuurlik verkeerd. Toestemming om 'n werk vryelik te gebruik, wat gewoonlik met 'n ooreenkoms vir opdragwerk saamgaan, kan nie geïnterpreteer word as 'n regverdiging vir plagiaat nie. Die feit dat die werk geskep is in ruil vir vergoeding verander nie hierdie posisie nie en kan regtens beskou word as 'n verswarende faktor wat aandui dat die bedoeling was om te mislei.

Alhoewel dit waar is dat sekere vorms van regspraakspreeklikheid uitgeskakel word wanneer 'n mens toestemming het om 'n ander se werk te kopieer, publiseer of andersins te gebruik, word die toepassing van die reg nie hierdeur uitgeput nie. Plagiaat is in die eerste plek 'n vorm van wanvoorstelling en dit is onmoontlik om toestemming te verkry om 'n ander te mislei. Dit is die aard van wanvoorstelling, naamlik die verduistering van die werklikheid, wat dit by uitstek geskik maak om plagiaat in te sluit.

Om plagiaat te vermy, moet daar sorg aan die dag gelê word om enige wanvoorstelling te voorkom. Dit moet duidelik uit die teks blyk watter woorde of deel van die onderliggende idee toegeskryf word aan die genoemde outeur van die werk. As dit nie in die teks opmerkbaar is nie, kom 'n *prima facie*-saak van plagiaat tot stand. Dit is maklik om hierdie argument te verstaan indien 'n mens dink oor die erkenning wat die outeur kry. Indien die inhoud van 'n werk voorgelê word as die produk van die outeur, en nie die werk van diegene wat dit geïnspireer het of dit eerste uitgedruk het nie, word alle erkenning vir die teks en die betekenis van die teks aan die outeur toegeskryf. In hierdie scenario kry die outeur erkenning vir iemand anders se intellektuele inspanning en word die outeur beloon vir 'n belegging wat hy/sy nie gemaak het nie. Daar ontstaan ook aanspreeklikheid vir die skep van 'n indruk van uitnemendheid wat nie verdien of geregverdig is deur die werk nie. Hierdie vorm van plagiaat is algemeen onder diegene wat die skryfproses as 'n kontrolelys-oefening aanpak om aanspreeklikheid op tegniese of redaksionele wyse te vermy. Met ander woorde, diegene wat

²⁸ Dit is natuurlik denkbaar dat een skrywer dieselfde idee kan oordra of 'n soortgelyke tegniek as 'n ander kan toepas sonder om hom tot die oorspronklike werk te wend. In hierdie geval vind plagiaat nie plaas nie omdat daar geen reproduksie plaasgevind het nie. Waar dit egter uit die feite blyk dat die ooreenkomste in die onderliggende waarde van die teks 'n ontlenuing verteenwoordig, het plagiaat plaasgevind, selfs as daar geen tekslenings is nie. Dit is die algemeenste in die geval van geparafraseerde teks.

aan plagiaat skuldig kan wees, poog tipies om te parafraseer, die aantal gekopieerde woorde te tel of probeer om idees te definieer as algemene kennis om sodoende aanspreeklikheid vry te spring.

Dieselfde erkenningstoets beantwoord die vraag oor self-plagiaat. Die feit dat 'n skrywer die oorsprong van 'n teks of idee is, beteken nie dat dit herwin kan word vir verdere erkenning, in watter vorm ook al, nie. Waar 'n werk of idee gepubliseer is, sal plagiaat volg as dieselfde werk, woorde of idees weer vir enige vorm van erkenning aangebied word. In sulke gevalle hou die wanvoorstelling nie verband met die outeur se identiteit nie, aangesien dit dieselfde is. Die probleem is eerder dat die skrywer die indruk skep dat dit nuwe werk is wat erkenning verdien. Waar die aanspraak op erkenning duidelik gekwalifiseer word deur byvoorbeeld 'n aanduiding dat die ingediende teks, werk of idee voorheen verskyn het, word plagiaat natuurlik vermy. In die afwesigheid van so 'n aanduiding bly die wesenskenmerk van plagiaat, naamlik wanvoorstelling, in stand – ondanks die feit dat die skrywer sy/haar eie werk aanbied.

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat plagiaat nie in die eerste instansie 'n etiese vraagstuk is nie. Die feit dat die reg nie plagiaat definieer nie, beteken nie dat dit nie onderhewig is aan geregtelike ondersoek nie. Ons versameling regspraak oor plagiaat mag veel te wense laat, maar dit behoort nie die valse indruk te skep dat die reg nie met plagiaat gepla is of in staat is om met erns daarmee om te gaan nie.

In die literatuur, soos in die lewe, behoort die grys areas van intertekstualiteit, nabootsing, montage en transformasie nie toegelaat te word om 'n bespreking van wat reg of verkeerd is ongedaan te maak of selfs te beïnvloed nie. Die maatstaf hiervoor is die reg, en dit behoort so te bly.

Verhoogverwerkings

Hoe gaan 'n mens te werk om die regte te verkry om iets vir die verhoog te verwerk? Hoe word 'n teks regmatig vertaal en opgevoer? Wie besit die intellektuele eiendom in die aangepaste werk?

Die aanpassing of vertaling van 'n werk vir die verhoog is algemene praktyk in die teaterbedryf. Wanneer 'n boeiende roman byvoorbeeld deur 'n begaafde teatermaker gevind en verwerk word, ontstaan 'n verhoogteks wat deur 'n nuwe gehoor van teatergangers ervaar kan word. Dié praktyk het die potensiaal om lewe in gedrukte woorde te blaas. Nuwe interpretasiemoontlikhede ontstaan wanneer die teks deur talentvolle akteurs opgevoer word.

Daar is 'n wetlike raamwerk waarbinne 'n mens moet funksioneer wanneer jy 'n teks vir die verhoog verwerk. As 'n verwerker gaan jy met die intellektuele eiendom van die outeursreghouer van die oorspronklike teks om. Dit gaan gepaard met 'n taamlike hoeveelheid verantwoordelikhede en verpligtinge, aangesien die onus op die verwerker berus om die korrekte stappe ten opsigte van die verwerking te volg.

Verwerkings- en opvoerregte is wat 'n mens in staat stel om voort te gaan. Dit is belangrik vir enigeen wat 'n werk vir die verhoog wil aanpas om toestemming te verkry voordat hulle met die verwerking begin. Die verwerkingsreg gee die verwerker die regsbevoegdheid om die werk te verander, te vertaal of aan te pas volgens die bepalings en voorwaardes van die ooreenkoms wat tussen die outeursreghouer en die verwerker bereik word.

Die outeursreghouer van 'n werk het eksklusiewe beheer oor hoe en wanneer daardie werk ontgin, gereproduseer of aangepas word, soos deur die Wet op Outeursreg bepaal. Daar is min wat gedoen kan word indien die outeursreghouer toestemming vir die verwerking weier of weerhou. Dit is hul prerogatief. Toestemming kan weens 'n aantal redes geweier word, soos dat die outeursreghouer self planne met die werk het, 'n ander verwerking

reeds gemagtig het, of bloot die begeerte het dat die werk onveranderd in sy oorspronklike vorm bly. Daarom is dit so belangrik om toestemming te verkry voordat die projek 'n aanvang neem.

Die eerste stap is om te bepaal by wie die outeursreg vir die bronnemateriaal berus. Dit kan die outeur, die uitgewer, die skrywer se erfgename of 'n derde party wees aan wie die regte toegeken is. Suid-Afrika se outeursregwetgewing maak tans voorsiening daarvoor dat outeursreg in 'n literêre werk vir die duur van die outeur se leeftyd geld, plus vyftig jaar na hul dood. As dit 'n gepubliseerde werk is, mag die uitgewery die reg hê om aanpassings van die werk te magtig ingevolge hul uitgewersooreenkoms met die outeur. Dit is ook belangrik om daarop te let dat net omdat 'n skrywer meer as vyftig jaar oorlede is, dit nie outomaties beteken dat die regte in daardie teks die openbare domein betree het nie. Dit is veral van belang waar daar onlangse uitgawes van die werk is wat onderskei moet word van die oorspronklike teks en waar die beoogde verhoogverwerking gebaseer is op 'n bestaande verwerking wat steeds outeursregbeskerming geniet.

Deel van DALRO (Dramatic, Artistic and Literary Rights Organisation) se dienste is om verwerkersooreenkomste namens sy kliënte te bestuur. Dit is raadsaam om 'n lisensieringsagent soos DALRO te kontak om te bepaal waar die regte in 'n bepaalde teks lê. Sodra die outeursreghouer vasgestel is, moet 'n verwerkersooreenkomst onderhandel en onderteken word deur die verwerker sowel as die outeursreghouer of hul agent.

Verwerkersooreenkomste is standaard-ooreenkomste wat tipies die volgende bepalinge insluit:

1. Die titel, outeur en besonderhede van die bronnemateriaal(e);
2. Klousules oor die outeursreghouer se reg om die verwerkte teks goed te keur wanneer dit voltooi is en voor enige openbare opvoerings mag plaasvind, indien so verlang deur die outeursreghouer;
3. Die voorgestelde titel van die nuwe verwerking;
4. Klousules oor die eienaarskap van die outeursreg in die nuwe verhoogverwerking en die verdeling van tantième tussen die outeursreghouer en die verwerker ten opsigte van enige aanwending, opvoering en reproduksie daarvan.

Wat die verdeling van tantième uit die verhoogverwerking betref, is dit standaardpraktyk dat die leeuëaandeel van die inkomste die outeursreghouer van die brontekste toekom aangesien dit die inhoud en materiaal is wat die verwerking onderlê en moontlik maak.

Alhoewel dit in die praktyk minder algemeen is vir verhoogverwerkings, kan die outeursreghouer ook kies om 'n fooi te hef vir die reg om hul werk aan te pas. As die werk deur meer as een persoon aangepas word of as die verwerking ontstaan wanneer die span repeteer, is dit belangrik dat die verwerkersooreenkoms spesifiseer watter tantièmeverdeling sal geld vir diegene wat tot die verwerking bygedra het.

In 'n geval waar die bronwerk heeltemal buite outeursregbeskerming is, sal die verwerker 100% van die outeursreg in die nuwe werk behou.

Die verwerking word gesien word as 'n onafhanklike outeursregwerk en outeursreg in die verwerking staan dus los van die outeursreg in die bronmateriaal. Dit wil sê dat die outeursreg in die nuwe werk volgens outeursregwetgewing vir die verwerker se leeftyd plus vyftig jaar sal duur, ongeag wanneer die outeursreg in die oorspronklike bronmateriaal verval.

Eienaarskap van outeursreg in opdragwerke,

met spesifieke verwysing na
letterkundige werke

Daar is 'n algemene wanopvatting oor outeursregwerke, naamlik dat die persoon wat opdrag gegee het dat die outeursregwerk geskep word, ook die outeursreg in so 'n werk besit. Hierdie artikel sal illustreer dat, in die afwesigheid van 'n uitdruklike kontraktuele reëling tot die teendeel, dit slegs in 'n beperkte aantal situasies waar is dat die opdraggewer ook die outeursregeienaar van so 'n werk sal wees.

Outeursregbeskerming word voorsien deur die Wet op Outeursreg 98 van 1978 (“die Wet”). Die Wet bepaal watter tipe werke beskerm word en, in die afwesigheid van 'n kontraktuele ooreenkoms wat anders bepaal, wie die eienaar van outeursreg in 'n werk is. Outeursreg bestaan byvoorbeeld in oorspronklike letterkundige werke (soos romans, stories, gedigte, handboeke, biografieë, opstelle en artikels), artistieke werke (soos skilderye, beeldhouwerk, tekeninge, gravures en foto's) en musiekwerke.

Dit is belangrik om daarop te let dat outeurskap (naamlik wie die outeur van 'n outeursregwerk is) en eienaarskap (naamlik wie die outeursreg besit) afsonderlike konsepte in die outeursreg is. Hoewel dit moontlik is vir die outeur van 'n outeursregwerk om ook die outeursregeienaar te wees, is dit nie noodwendig die geval nie.

Om te bepaal wie die outeursreg in 'n werk besit, is dit nodig om eers te bepaal wie die outeur van daardie werk is. Die Wet bepaal in artikel 1 wie die outeur van 'n bepaalde soort outeursregwerk is, en “outeur” is dus 'n tegniese konsep. Ten opsigte van sekere kategorieë van outeursregwerke, soos byvoorbeeld rekenaarprogramme, stem die outeur van die werk vir outeursregdoeleindes nie ooreen met die algemene betekenis van daardie

begrip nie. In die geval van letterkundige werke beteken dit egter wel die persoon wat die werk in die eerste instansie geskep het. Daar moet op gelet word dat daar meer as een outeur van 'n outeursregwerk kan wees indien elkeen van daardie persone 'n nie-onbeduidende bydrae tot die totstandkoming van die werk gelewer het en die onderskeie outeurs se bydraes nie van mekaar geskei kan word nie.

'n Outeursregwerk, soos 'n letterkundige werk, kom tot stand wanneer dit tot materiële vorm herlei is. Dit moet byvoorbeeld op papier geskryf of op 'n rekenaar getik word. Daar is 'n ou regspreuk in die outeursreg wat hierdie vereiste onderstreep, naamlik dat daar nie outeursreg in 'n idee is nie, maar slegs in die spesifieke materiële uitdrukking van 'n idee. Niemand het dus outeursreg in 'n bepaalde konsep of genre van letterkundige werke nie. Enigeen is vry om 'n roman te skryf oor die avonture van kinders by 'n skool vir townaars of 'n liefdesroman waarin die romantiese held 'n vampier is, mits daar nie 'n wesenlike deel van 'n ander outeur se storie, intrige, voorvalle of karakterisering (name, eienskappe of kenmerke) oorgeneem word nie. Dit behoort duidelik te wees dat outeursregbeskerming nie beperk is tot die letterlike kopiëring van outeursregwerke nie, aangesien daar ook kopiëring kan wees deur middel van nie-letterlike oorname.

Die Wet reguleer die eienaarskap van outeursreg in artikel 21. Tensy een van die uitsonderings geld waarvoor artikel 21 voorsiening maak, sal die outeur van 'n outeursregwerk ook die eienaar van die outeursreg in daardie werk wees. Met ander woorde, die standaardposisie is dat die outeur (of mede-outeurs) van 'n outeursregwerk die eerste eienaar (of mede-eienaars) van die outeursreg in daardie werk sal wees. Die uitsonderings, wat hieronder beskryf sal word, bepaal dus die onderskeid of skeiding tussen outeurskap en eienaarskap, dit wil sê wanneer die standaardreël nie van toepassing is nie.

Die eerste uitsondering waarvoor voorsiening gemaak word, is ten opsigte van letterkundige of artistieke werke wat deur 'n outeur geskep word in die loop van sy/haar diens by die eienaar van 'n koerant, tydskrif of dergelike blad. In hierdie geval word die outeursreg verdeel tussen die werkgewer en die werknemer (outeur). Die werkgewer is die eienaar van die outeursregwerk in soverre die outeursreg betrekking het op die betrokke publikasie waarvoor dit bedoel is, maar in alle ander opsigte is die outeur die eienaar van die outeursreg.

Die tweede uitsondering het betrekking op spesifieke opdragwerke. As iemand opdrag gegee het vir die neem van 'n foto, die skilder of teken van 'n portret, die maak van 'n gravure, die maak van 'n rolprent of die maak van 'n klankopname, sal daardie persoon (naamlik die opdraggewer) die outeursregeienaar van die opdragwerk wees. Let daarop dat die uitsondering

nie van toepassing sal wees op enige ander tipes outeursregwerke, soos 'n letterkundige werk of 'n rekenaarprogram wat in opdrag van iemand anders geskep is nie. Dit geld nie eens vir skilderye in die algemeen nie, maar slegs vir die skilder of teken van 'n portret. As die opdraggewer van 'n ander soort werk die outeursreg in die opdragwerk wil besit, kan dit slegs bereik word deur middel van 'n kontrak tussen die opdraggewer en die outeur wat voorsiening maak vir die oordrag van outeursreg in sodanige werk.

Die derde uitsondering het betrekking op outeursregwerke wat in die loop van die outeur se diens geskep is (buiten in die konteks van 'n koerant, tydskrif of dergelike blad). In hierdie gevalle sal die betrokke werkgewer die eienaar van outeursreg wees in 'n outeursregwerk wat in die loop van die diens geskep is. Hierdie uitsondering is nie beperk tot spesifieke tipes outeursregwerke nie.

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie drie uitsonderings op die standaardreël gewysig of uitgesluit kan word deur 'n ooreenkoms tussen die betrokke partye.

'n Verdere bepaling oor eienaarskap van outeursregwerke is dat indien 'n outeursregwerk deur of onder die leiding of beheer van die staat of 'n erkende internasionale organisasie geskep word, die outeursreg by die staat of die betrokke internasionale organisasie sal berus.

Dit behoort dus duidelik te wees uit die voorafgaande dat indien iemand 'n opdrag ontvang het om byvoorbeeld 'n letterkundige werk soos 'n roman te vertaal, die opdraggewer nie die eienaar van die outeursreg in die vertaling is nie, tensy die partye kontraktueel ooreengekom het tot die oordrag van outeursreg aan die opdraggewer. Volledigheidshalwe moet daar egter genoem word dat die vertaling van 'n outeursregwerk (vir enige ander rede as die toegelate uitsonderings waarvoor die Wet voorsiening maak, soos vir persoonlike gebruik) die outeursregeienaar se toestemming vereis omdat dit neerkom op die skep van 'n aanwending van die letterkundige werk, wat een van die eksklusiewe regte is wat aan die outeursregeienaar van 'n letterkundige werk toegeken word.

Wees dus bedag op wie die outeursreg in 'n werk werklik besit – dit mag dalk nie die outeur wees nie en sal gewoonlik nie outomaties die opdraggewer wees nie.

Aanlyn outeursreg- skending,

kuberdiefstal en hoe skrywers hul werk kan
beveilig

Met die voortdurende verandering en ontwikkeling in tegnologie dien dit geen doel om te bly vasklou aan hoe dinge in die verlede gedoen is nie. Ons het absoluut geen ander keuse as om óf saam met die stroomversnelling te vaar óf te verdrink nie. Ook skrywers, van byvoorbeeld fiksie, opinies, biografieë, akademiese materiaal, nuus of draaiboeke, het dikwels geen ander keuse in hierdie snelveranderende era as om hulle werke aanlyn te publiseer nie. Sodoende word die maksimum gehoor of ore bereik en hopelik word verkope daarmee saam bevorder en wins gemaak.

Aanlyn publikasie en verkope het egter ook nadele. Die digitale omgewing speel 'n reuse-rol in die vervalsing en verspreiding van vervalste publikasies of letterkundige werke. In die verlede, toe die bekendstelling, bemarking, publikasie en verkope nog uitsluitlik via die gedrukte media en persoonlike kontak plaasgevind het, was daar natuurlik ook gevalle van onregmatige kopiëring wat 'n skrywer groot skade kon berokken. Deesdae gebeur dit vinniger en makliker.

Daar bestaan verskeie maniere waarop skrywers aanlyn uitgebuit kan word. Hieronder val die fisiese kopiëring van werke in PDF-formaat en verkope daarvan deur middel van skakels op webwerwe wat vervalste produkte verkoop, asook skakels wat deur e-pos en sosiale media versprei word. In so 'n geval kan die vermoede dat 'n produk vervals is, of dat skrywers se werk sonder toestemming versprei word, gewoonlik met die eerste oogopslag of deur middel van internetsoektogte bevestig word.

Daar bestaan ook professionele bedrieërs wat webwerwe stig en domeine registreer sodat dit naastenby soos die ware Jakob lyk. Die produk word op

hierdie wyse gewoonlik op die tuisblad geadverteer met 'n aktiewe aflaaikoon en 'n bietjie meer geld word gevra as die oop en bloot vervalste webwerwe, maar altyd steeds goedkoper as die oorspronklike en goedgekeurde publikasies.

Internetsoektogte word dikwels ook gekaap en herlei na 'n webwerf vir vervalste goedere sonder die gebruiker se medewete. Normaalweg neem so 'n soektog langer aangesien die herleiding deur verskeie diensverskaffers gaan, wat hoogs waarskynlik in verskillende lande gevestig is. Hierdie herleide internetsoektogte gebruik gewoonlik baie meer data as dié wat die stempel van die waarheid dra.

Uitvissing (“phishing”) is 'n term wat verband hou met internetbedrog. E-pos- of webwerfherleiding word dikwels ingespan om niksvermoedende internetgebruikers se persoonlike besonderhede te bekom. Persoonlike besonderhede soos jou telefoonnommer, beroep, wagwoorde van jou profiel op sosiale media, e-posrekening of bankbesonderhede kan sodoende onderskep word en iemand anders kan beheer neem van jou data. Hiernaas kan internetmisdadigers jou IP-adres bekom en so jou rekenaarfunksies beheer. Dit kan gebeur sonder dat jou gestoorde inligting noodwendig uitgegee word of dat daar ingemeng word met jou hardeskyf- en privaathedstellings. Daar is dan byna geen waarskuwing of aanduiding dat iets nie pluis is nie.

Baie aanlyn kopers en ander internetgebruikers is nie daarvan bewus dat hulle dalk verbode waters betree met moordwalvisse en haaie om nie eers te praat van uitvissing nie, en is gewoonlik onder die indruk dat hulle oorspronklike goedere gebruik of koop.

Die beste raad vir skrywers wat aanlyn publiseer of hulle produkte aanlyn verkoop, is om duidelike kopieregkennisgewings aan te bring, ongeag of die werk bedoel is vir onderwys, nuus, kommersiële verkope of vir vrye gebruik en oopbronne (“open source”). Dit gee aan voornemende kopers en gebruikers leiding oor die eienaarskap van kopieregwerke en voed hulle op om respek te hê vir oorspronklike werke, in lyn met ons land se wetgewing, en kweek ook 'n bewustheid oor twyfelagtige, vervalste en onwettige werke.

Die snelveranderende tegnologiese ontwikkelings dra ook daartoe by dat verskerpte beskermingsmaatreëls toegepas kan word teen kuberkrakers en kuberdiefstal. Skrywers kan hul werke deur middel van 'n program kodeer wat verhoed dat dit enigsins gekopieer of versprei kan word sonder toestemming.

Daar bestaan wel organisasies en instansies waaraan skrywers en uitgewers behoort om tantième in te vorder vir die gebruik van hulle werke, soos DALRO (Dramatic, Artistic and Literary Rights Organisation), maar daar is nie noodwendig organisasies wat hulp verleen met die polisiëring van

aanlyn outeursregskenning nie. Die gevolg is dat wanneer skrywers bewus word van moontlike kuberkraking en/of kuberdiefstal, dit reeds te laat is of die kostes daaraan verbonde om dit hok te slaan te hoog is.

Die Departement van Handel en Nywerheid, via die kantoor van Intellektuele Goederereg en die CIPC (Companies and Intellectual Property Commission), beskik wel oor 'n opgeleide spesialis wat die publiek gratis kan bystaan en verwys na betroubare en bekostigbare regshulp in die geval van aanlyn kopieregskake.

Daar is gelukkig 'n lig aan die einde van die kuberkrakertunnel: met behulp van wetgewing en samewerkingsooreenkomste met die groot soekenjins, diensverskaffers en domeinorganisasies is daar wel prosesse in plek wat skrywers van hulp kan wees sonder om 'n hoop geld te kos.

Dit is egter noodsaaklik om 'n mens se werke te beskerm en bewus te wees van tersaaklike wetgewing, beskermingsmaatreëls en metodes. Die Wet op Outeursreg is natuurlik die primêre bron wat die bestaan en beskerming van kopieregwerke beheer. Die volledige uiteensetting van dié wet is beskikbaar op die webwerf van die Departement van Handel en Nywerheid. Die Wet maak onder meer voorsiening vir strafregtelike en siviele remedies vir die verontregte party.

Skrywers kan ook self onwettige en twyfelagtige domeine, vervalste webwerwe, die onregmatige gebruik van foto's, beelde, verdagte skakels en agterdogwekkende advertensies aanmeld en versoek dat dit van soekenjins verwyder word.

Dit is egter noodsaaklik dat daar voorkomend opgetree word. Voorsorg is immers beter as nasorg. Skrywers behoort oral waar hulle produkte op die internet teenwoordig is, hetsy op 'n webblad of sosiale media, die geleentheid te skep vir eerlike internetgebruikers om beweerde kuberbedrog en kopieregskending te bevraagteken en te rapporteer en die outentiekheid van die produk te bevestig.

Bewaar jou werke, beskerm jou werke en tree op teen inbreukmaking in die aanlyn omgewing. Die kostes daaraan verbonde hoef nie buitensporig te wees nie.

Selfpublikasie

Jou vingers tik die laaste woorde: “Die einde.” Jou manuskrip staan terug na jou toe. Die skryfproses, daardie vloei van woorde uit jou vingers, het maande en byna alles in beslag geneem. Jou oggende en aande is tipies in ’n koffie-geïnduseerde waas gespandeer, met vingers wat slaan op die toetsbord. Noudat die skryfwerk voltooi is, mag jy uit dié waas ontwaak en besef dat jy nog nie eens oor publikasiemoontlikhede gedink het nie.

Wat is die opsies?

Skrywers wat gereed is om te publiseer, kan uit drie hoofroetes kies:

1. *“Ek wil hê iemand anders moet dit doen” oftewel tradisionele publikasie*

Hierdie proses behels dat jy jou manuskrip voorlê aan ’n gevestigde uitgewery met die hoop dat hulle sal besluit om daarin en in jou as skrywer te belê. Die skrywer wat by ’n gevestigde uitgewer teregkom, sal gewoonlik nie enige geld tot die proses hoef by te dra nie. Die idee is dat jy tantième uit boekverkope sal verdien. Die uitgewer is die eenaar van materiaal wat hulle jou help skep het, soos die gedrukte uitgawe, die e-boek en oudio-weergawes van jou werk.

2. *“Ek wil dit self uitgee” oftewel selfpublikasie*

Hierdie roete sit die outeur in volle beheer van die publikasieproses. Die stappe wat tydens selfpublikasie gevolg word, behoort identies te wees aan die stappe wat by ’n gevestigde uitgewery gevolg word. Die outeur wat selfpublikasie verkies, sal aanspreeklik wees vir alle kostes verbonde aan die

publikasieproses, maar sal die eienaar van die volle outeursreg in die boek bly, en ook in enige ander materiaal wat in die proses geskep word.

3. Skynuitgewers oftewel “vanity presses”

Hierdie derde opsie is ’n kombinasie van die mees nadelige aspekte van die eerste twee opsies. Indien jy in die onbenydenswaardige posisie is om met ’n skynuitgewer te werk, sal jy nie net die publikasieproses finansiële subsidieer nie, maar ook die outeursreg in jou werk afstaan. Jy sal dan slegs ’n klein tantième-inkomste verdien uit ’n proses wat jy grotendeels befonds het! Vermoë enige organisasie wat op hierdie wyse sake doen.

Waarom selfpublikasie?

Selfpublikasie plaas die skrywer agter die stuur van die publikasieproses. Die skrywer moet die relevante spesialiste vind om hulp te verleen tydens elke stap van die proses – van redigering na omslagontwerp na setwerk na verspreiding – en verseker dat dié kundiges se rekeninge betyds betaal word.

- Is jy ’n beheervraat?
- Werk jy teen ’n kwaai spertyd?
- Is jy moeg daarvoor om afgekeur te word deur gevestigde uitgewerye?
- Wil jy volle eienaarskap van die outeursreg in jou werk behou?

As jy instemmend knik oor enige van hierdie punte, is selfpublikasie dalk net die ding vir jou.

Die voordele

- Die outeur besit alle materiaal en outeursreg. Van die omslagontwerp tot die drukgereed-lêers en die filmregte wat daardie lokettreffer tot gevolg gaan hê: dit behoort alles aan jou.
- Die skrywer se tantième word vermeerder. Selfgepubliseerde skrywers wat hul boeke op Amazon lys, kan tot 70% tantième verdien in vergelyking met die ongeveer 10% tot 15% via tradisionele uitgewers.
- Die skrywer is ten volle in beheer. Dit is ideaal as jy ’n beheervraat is.
- Die tydlyn voor publikasie is aansienlik korter.
- Niemand sal jou vertel dat jou werk nie goed genoeg is om te publiseer nie.

Die nadele

- Die grootste nadeel van selfpublikasie is dat jy as skrywer die finansiële koste van elke stap van die publikasieproses moet dra. Skrywers wat in die eerste instansie in gedrukte formaat wil uitgee, sal bes moontlik in die proses 'n knou aan hul spaargeld toedien.
(Selfpublikasie-wenk: waarom oorweeg jy dit nie om advertensieruimte in jou boeke te verkoop om die publikasiekoste te help subsidieer nie? Skrywers wat publikasiekoste verder wil beperk, kan oorweeg om eerstens in digitale formate uit te gee. Gebruik gerus Amazon se e-boekplatform om jou skryfwerk in nuwe gebiede bekend te stel – teen verlaagde koste.)
- Die bestuur van die publikasieproses kan intimiderend wees vir skrywers wat eintlik net wil skryf.
- Jy kan nie reken op die bemarkingshulpbronne en -netwerke van 'n gevestigde uitgewery nie.
- Selfpublikasie het 'n slegte reputasie. Een van die grootste redes hiervoor is die kostebesparing wat tipies tydens die produksieproses gedoen word. Te veel skrywers verkies om nie vir 'n redigeringsproses te betaal nie omdat hulle onder die indruk is dat dit voldoende is om die teks self te redigeer. *(Wenk: dit is nie.)*

Waar begin ek?

Die selfpublikasieproses begin sodra jy 'n eerste weergawe van jou manuskrip in Microsoft Word voltooi het.

Die proses lyk gewoonlik so:

1. Teksredigering
2. Omslagontwerp vir beide die gedrukte en e-boekuitgawe
3. Setwerk van die teks van die gedrukte uitgawe
4. Die omskakel van die dokument in e-boekformate indien jy 'n digitale roete beoog
5. Die uitgee van die e-boek op Amazon
6. Die uitgee van die gedrukte boek op die Amazon-platform (dit staan as druk-op-aanvraag bekend)

Die skrywer kan kies om kundiges op te spoor vir elk van hierdie stappe of die skrywer kan 'n besigheid nader om bystand deur die hele proses te bied – en deurlopend te verduidelik wat verwag kan word en 'n seepgladde proses probeer verseker.

“Die einde”

Indien jy besluit dat die risiko (of koste) van die selfpublikasieproses jou nie aanstaan nie, kan jy gerus die Uitgewersvereniging van Suid-Afrika se webblad raadpleeg om 'n tradisionele uitgewer te vind wat 'n goeie pasmaat vir jou boek of genre sal wees.

Indien jy selfpublikasie wil probeer, oorweeg dit om die digitale roete te gaan en jou Afrikaanse boek via Amazon te publiseer. As jy die moeite wil vermy om vir elke stap van die publikasieproses individuele vryskutters te vind wat kan help, gaan 'n vennootskap aan met 'n plaaslike selfpublikasie-onderneming wat jou laat welkom voel vanaf die eerste interaksie. Doen jou huiswerk voordat jy enige geld spandeer.

Vrae en antwoorde

- V: Waar vind ek meer oor e-boekpublikasie uit?
A: Besoek kdp.amazon.com of lees ons toeganklike artikels oor verskeie onderwerpe wat met selfpublikasie te doen het: www.myebook.co.za
- V: Is selfpublikasie 'n duur proses?
A: Dit kan wees as dit behoorlik gedoen word. Stappe soos redigering en omslagontwerp gaan met aansienlike koste gepaard. As 'n mens dit egter nie doen nie, mag jou e-boek as't ware na die agterste rakke van 'n besige boekwinkel geskuif word – wat die kans om gesogte topverkoper-status te bereik, verskraal.
- V: Sal Amazon 'n Afrikaanse boek publiseer?
A: Ja, Amazon het reeds 'n groot Afrikaanse aanbod en verwelkom nuwe skrywers om verdere Afrikaanse inhoud te laai.
- V: Hoe betaal Amazon ons hier in Suid-Afrika?
A: Amazon maak nie oorbetalings direk in Suid-Afrikaanse bankrekenings nie. Oorweeg dit eerder om by 'n platform soos Payoneer te registreer om sodoende 'n internasionale bankrekening te open wat deur Amazon aanvaar word vir direkte betalings.
- V: Het e-boeke 'n ISBN-nommer nodig?
A: Nie as jy beplan om jou e-boek uitsluitlik op Amazon vry te stel nie.

'n Persoonlike nota

Aan die leser: baie dankie vir die lees van hierdie artikel wat meer op die onderwerp van selfpublikasie ingaan. Die artikel is geskryf deur iemand wat begrip het vir die moeilike pad wat 'n skrywer soms loop en tyd afstaan om die skrywer se reis makliker te maak. Om oop kaarte te speel: dit behoort duidelik te wees dat ek 'n vooroordeel ten gunste van die selfpublikasieproses het, maar elkeen moet besluit wat vir hom of haar werk.

Staatspublikasie

van skoolboeke

Inleidend

Die “verbetering van die gehalte van basiese onderwys” is Uitkoms 1 van die Suid-Afrikaanse regering se Mediumtermyn Strategiese Raamwerk²⁹ (2014 tot 2019). Een van die prioriteite om hierdie doelwit te bereik, is groter toegang tot hoëgehalte- leer- en onderrigondersteuningsmateriaal

Die wetgewende verantwoordelikheid om basiese onderwys te verbeter, berus by die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en die nege provinsiale onderwysdepartemente (PDO’s). Sedert die implementering van nuwe kurrikulums in die post-apartheidsera, het die DBO en PDO’s saam met uitgewers, boekhandelaars en ander belanghebbendes gewerk met die doel om toegang tot hoëgehalte-materiaal te verhoog om sodoende basiese onderwys te verbeter.

Onlangs het die verhouding tussen die DBO en sy uitgewersvennote egter al hoe meer gespanne geraak as gevolg van die toenemende implementering van ’n beleid van staatspublikasie. Staatspublikasie behels die skryf, ontwikkeling, publikasie en verspreiding van leer- en onderrigmateriaal deur die staat om bepaalde doelwitte te bereik. Hierdie praktyk ontnem die uitgewersbedryf van ’n ruimte om in werksaam te wees en beskadig sodoende die bedryf.

²⁹ <https://www.gov.za/issues/outcomes-approach>

Die ontwikkeling van staatspublikasie

Bewegings om staatspublikasie te implementeer, kan gekoppel word aan die mislukking van die DBO en die meeste PDO's om, teen die einde van die 2000's, te verseker dat alle leerders in die land toegang tot hoëgehalte-kommersiële handboeke het. Hierna word verwys as universele toegang tot, of universele dekking deur, handboeke.

Die impuls vir staatspublikasie het ook voortgevloei uit nasionale konferensies van die regerende party in daardie jare. Uitgewers, onder die vaandel van die Uitgewersvereniging van Suid-Afrika (PASA), het met staatsamptenare oor die onderwerp van staatspublikasie in gesprek getree om hul kommer oor hierdie beleidsrigting uit te spreek.

Deur die jare was die DBO se reaksie op uitgewers se bekommernisse dat dit nie die bedoeling was om kommersiële entiteite te ontnem van 'n ruimte om sake te doen nie, maar eerder om swakhede in die stelsel aan te spreek.

Die Departement Basiese Onderwys en staatspublikasie

So, wat dryf die DBO om 'n staatspublikasieprojek aan boord te neem al is hulle gewaarsku teen die risiko en ernstige negatiewe gevolge wat hierdie beleidsrigting vir die uitgewersbedryf inhou?

Toegegee, soos hierbo genoem, is die DBO verplig om hoëgehalte-leermateriaal aan skole te voorsien as een van die vele strategieë om opvoedkundige uitkomst te verbeter. In Julie en November 2018 het die DBO PASA in kennis gestel dat hul noodgedwonge staatspublikasie implementeer weens die *onbekostigbaarheid van handboeke, die versuim om universele dekking te bereik* wat hoëgehalte-handboeke betref en *die uitdagings van laat verspreiding van handboeke*. Hierdie bekommernisse is reeds in vorige jare verwoord, soos in hierdie artikel aangedui: <https://mg.co.za/article/2012-05-28-textbook-publishing>.

Uitgewers het nooit ontken dat die regering talle uitdagings in die gesig staar om hul verantwoordelikheid na te kom om basiese onderwys te verbeter nie. Wat uitgewers egter verbyster, is: Waarom is kommersiële uitgewers geïdentifiseer as die enigste fokusarea van dié resolusie terwyl daar soveel oorsake vir die genoemde uitdagings is?

Die ooglopende onwilligheid van die Departement om uitgewers in hul vertroue te neem en 'n sinvolle dialoog te hê om hierdie uitdagings op te los, is ook 'n punt om op te let. Uitgewers het voortdurend hul bereidwilligheid

gekommunikeer, en in sommige gevalle met alternatiewe voorstelle gedemonstreer, om die geïdentifiseerde uitdagings aan te spreek, maar die aanbod vir samewerking is nie aangeneem nie. Die DBO het eerder haastig voortgegaan om 'n staatspublikasie-agenda te inisieer, wat werkboeke, wetenskap- en wiskundehandboeke sowel as leesboeke insluit.

Die jongste DBO-publikasieplan kondig aan dat daar voortaan een kernhandboek per vak ontwikkel en gedigitiseer sal word om gratis aan skole te versprei. Uitgewershandboeke is afgegradeer na “aanvullende materiaal” wat opsioneel vir skole sal wees. In elk geval sal daar nie aan skole fondse toegeken word om hierdie “aanvullende handboeke” aan te koop nie.

Uitgewers en staatspublikasie

Hoe moet die uitgewersbedryf in Suid-Afrika dan op die regering se plan reageer om werklike uitdagings aan die een kant op te los, maar in die proses een van die min lewensvatbare uitgewersbedrywe in Afrika te vernietig?

Eerstens, laat ons onself nie mislei nie: die skuif na volledige staatspublikasie sal 'n slag vir die uitgewersbedryf wees. Verwag dat uitgewerye begin sukkel om inkomste te genereer wat sal lei tot werksverliese en moontlik deure wat sal sluit. Met ander woorde, soos een polisiehoof dit gestel het, “finish en klaar”.

Daar sal waarskynlik ook 'n afname in die gehalte van handboeke wees – nie omdat mense wat staatsgepubliseerde handboeke produseer nie vaardig is nie, maar bloot omdat 'n enkele instelling wat daarvoor verantwoordelik is om alle handboeke te vervaardig, nie onder druk sal wees om te vernuwe of verder te gaan as waar hulle is nie. 'n Stelsel waarin verskeie, mededingende uitgewers handboeke produseer, lei dikwels tot 'n verbetering in gehalte. Die afwesigheid van veelvuldige handboeke sal ook nie net die oorlewing van die uitgewersbedryf beïnvloed nie, maar ook kritieke opvoedkundige beginsels soos onderwyserskeuse, toepaslike leer- en onderrigmateriaal volgens plaaslike omstandighede en die behoefte om meer stemme en benaderings in leermateriaal te hê. Wie verwag van 'n enkele geskiedenisboek om alle beskikbare perspektiewe te dek, die vele gebruike en interpretasies van bronne, asook die verskillende verteldrade?

Ek erken dat daar nie onbeperkte hulpbronne is om te kan voorsien aan 'n land met 'n geskatte bevolking van 57,7 miljoen mense (Stats SA) nie, maar die politieke wil om alle kinders van hoë gehalte handboeke uit 'n verskeidenheid bronne te voorsien, is 'n ideaal wat ons moet koester en bereik.

Moontlikhede vorentoe

Die regering en ander belanghebbendes in die onderwys, veral in die boeksektor, moet bymekaar kom om idees uit te wissel oor hoe bekostigbaarheid, kwaliteit handboeke, geskikte omkeertyd en universele dekking neerslag kan vind in 'n model wat die regering in staat sal stel om sy mandaat na te kom sonder om betrokke te wees by uitgewersbedrywighede wat nie deel van sy kernverantwoordelikheid is nie.

Die verslag van die Kommissie vir Openbare Dienste van 2016 oor leer materiaal, wat ongelukkig met die DBO saamstem oor die aanneem van 'n een-handboek-beleid, het nogtans daarop gewys dat daar meerdere oorsake daarvoor is dat universele dekking nie bereik is nie. Geeneen van die oorsake kan tot 'n beleid van veelvuldige handboeke herlei word nie en geeneen van die oorsake kan toegeskryf word aan die feit dat handboeke deur nie-regeringsinstansies vervaardig is nie.

Uitgewers kan beslis idees oor enige regeringsvoorstel oor bekostigbaarheid bydra wanneer die regering voorleggings vra. Weens die Wet op Mededinging kan die bedryf egter nie self 'n voorleggingsproses oor hierdie onderwerp inisier nie. Verder kan uitgewers aan gesprekke oor kwaliteitskwessies deelneem en dit bevorder, aangesien dit aan die kern van die uitgewersbedryf is. Trouens, dit is deur die jare 'n deurlopende deel van die gesprekke tussen uitgewers en die regering se onderwysbeamptes, en dit sal so bly.

Die kritieke saak van universele dekking van handboeke is fundamenteel tot ons land se ontwikkeling en kwessies van transformasie. Die uitdaging is vir die regering en uitgewers om gemeenskaplike terrein te vind om die uitdagings wat verband hou met die verskaffing van kwaliteit leer materiaal aan te spreek om sodoende basiese onderwys te verbeter.

Die bydraers

Catrina Wessels is 'n outeursregkonsultant, literêre agent en bestuurder van PEN Afrikaans.

Kim Pietersen is 'n prokureur by die handelsmerk-afdeling van Spoor & Fisher, Kaapstad. Die artikel is geskryf onder leiding van Eben van Wyk, 'n vennoot aan dieselfde firma en afdeling.

Lee-Ann Tong is 'n senior lektor aan die Universiteit Kaapstad se Departement Handelsreg.

Bernard Wessels is senior lektor aan die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Regsgeleerdheid. Hy spesialiseer in deliktereg.

Cobus Jooste is verbonde aan die Universiteit Stellenbosch se Regsfakulteit as 'n dosent by die Departement Handelsreg en navorsers by die Anton Mostert Leerstoel vir Intellektuele Goederereg.

Elroy Bell is toesighouer van die teater- en algemene lisensiëringsafdeling van DALRO (Dramatic, Artistic and Literary Rights Organisation).

Sadulla Karjiker is 'n regsprofessor wat tans die Universiteit Stellenbosch se Anton Mostert Leerstoel vir Intellektuele Goederereg bekleed.

Corné Gùldenpfennig is 'n prokureur wat in intellektuele goederereg spesialiseer.

Dave Henderson is die stigter van www.myebook.co.za.

Mpuka Radinku is die Uitvoerende Direkteur van die Uitgewersvereniging van Suid-Afrika (PASA) maar sy hoofstuk is in sy persoonlike hoedanigheid geskryf.

Oor PEN Afrikaans

PEN Afrikaans is 'n Afrikaanse skrywersvereniging, geaffilieer by PEN International. Onder “skrywers” word ook joernaliste, vertalers, uitgewers en ander belanghebbendes gereken. Die vereniging se primêre taak is die beskerming en bevordering, in die wydste sin van die woord, plaaslik sowel as nasionaal en internasionaal, van die belange van Afrikaanse skrywers in ooreenstemming met die beginsels vervat in die PEN International-handves. Volgens hierdie manifes verbind PEN-sentrums hulle wêreldwyd tot die bevordering van die letterkunde en die reg tot vryheid van uitdrukking.

In aansluiting hierby beywer PEN Afrikaans hom, in ooreenstemming met PEN International se Girona-manifes oor Taalregte, vir die beskerming en uitbouing van taalregte en meertaligheid en daarmee ook vir die gepaardgaande reg op selfstandige denke. PEN Afrikaans dien dus die belange van woordkunstenaars ten opsigte van wetgewing, spesifiek outeursreg, en neem stelling in teen alle vorme van sensuur. Die vereniging streef daarna om geletterheid, belangstelling in die Afrikaanse boek en die kreatiewe gebruik van Afrikaans op alle vlakke van die gemeenskap te ondersteun.

pen
AFRIKAANS

